## Hoofstuk IV.

## Die C.N.O.-Beweging in Rhodesië. 1912-1922.

### 1. DIE C.N.O.-BEWEGING IN DIE KAAPKOLONIE EN IN DIE VEROWERDE REPUBLIEKE.

Al is die filosofie van die onderwys wat deur die benaming Christelik-Nasionaal aangedui word, eers na die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika behoorlik omskryf en geformuleer, was dit die hele wese van die skoolstelsel vanaf 1652 tot 1804. "Die skoolstelsel wat met die volksplanting in 1652 na Suid-Afrika gekom het, was dié van die Gereformeerde Staatskool......Die gees en rigting was konfessioneel Christelik en daarby nasionaal vir sover hierdie begrip destyds op Suid-Afrika van toepassing kon wees."[1] Gedurende die hele neëntiende eeu is stelselmatig deur die Britse owerheid geprobeer om die Afrikaner van hierdie christelik-nasionale koers af te dwing. Die Groot Trek wat as protes teen die verengelsingsbeleid plaasgevind het, het gelei tot die stigting van die Transvaalse en Vrystaatse Republiek waar daardie Calvinistiese staatskool weer tot sy reg gekom het. Intussen het die agtergeblewe Afrikaners die stryd teen die Britse onderwysstrewe en wetgewing aangebind en in 1875 die Genootskap van Regte Afrikaners gestig[2] wat benewens die gebruik van 'n eie Afrikaanse taal[3] ook 'n meer nasionale vorm van onderwys voorgestaan het.[4] Omdat daar van Staatsweë geen tegemoetkoming was nie, is in 1877 in die Almanak van die Genootskap 'n oproep gedoen om bydraes vir 'n monument ter ere van die Hugenote en wel in die vorm van 'n eie volkskool. Dié privaatskool, "De Gedenkskool", wat in 1882 te Daljosaphat geopen is, en van die voorste Afrikaanse skrywers daarna opgelewer het, was 'n Afrikaanse skool waarin Hollands en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoort, grondig geleer word, maar in ons eie taal en volgens ons eie beginsels."[5] Die orgaan van die Genootskap, "Di

1) Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, dl. 11, 34-34.
2) Vgl. Van Niekerk: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging, 4e.v
3) Vgl. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Wegen Werk, 88 e.v.
4) Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die Onderwys, 9.
5) Vgl. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 53.

Patriot," het daarna gereeld om 'n stelsel van christelik-nasionale onderwys gepleit, terwyl ds. S.J.du Toit beredeneerde geskrifte[1] in belang van die christelike skool die lig laat sien het. Hoewel selfstandige "Christelike" skole op Steynsburg, Burgersdorp en 'n paar ander plekke gestig is, moes die merendeel van die volk hom teen wil en dank tydelik by die neutrale onderwysstelsel van die staat neerlê.

Maar dit w as eers toe die veroweraar ook op die nuutverkreë kolonies van Transvaal en Vrystaat na 1902 die onderwys wat byna 'n honderd jaar lank in Kaapland in swang was, wou toepas, dat die Afrikaner se selfstandigheidstrewe in die onderwys in die C.N.O.skole gestalte gekry het. Dit het nou gegaan om die redding van die Afrikaanse nasionaliteit wat afgehang het van 'n onderwys deurtrokke met die nasionale gees en ingerig op nasionale grondslag, dit is, met Nederlands as voertaal in die skole deur kinders besoek wie se "moedertaal" Nederlands was. Dit was al uitweg uit die angliseringswetgewing wat deur die veroweraar toegepas wou word om die Afrikaanse volk te ontstam. Indien daar met die twee kroonkolonies kon gebeur wat reeds met die Nederlandse kolonies eeue vroeër in Amerika gebeur het, toe na die verowering van Nieuw Nederland deur die Engelse, die Nederlandse koloniste verengels het, dan was Engeland verseker van die beheer oor die Verenigde State van Afrika waarin daar geen behoefte aan 'n eie nasionaliteitsgevoel sou bestaan het nie. Immers het die Kaap, Rhodesië, Natal, Nyassaland, Kenia reeds die weg gebaan.

Aangesien die Hollandse taal die vernaamste draer van 'n onengelse, en, so is deur Lord Milner geredeneer, 'n anti-Engelse kultuur was, moes dié eers verban word. 'n Beroep[2] is op Engelse onderwysers(esse) gedoen om onder Engelse departementele hoofde daardie deel van die arbeid te verrig wat die militêre oormag nie in staat was om te voltooi nie. E.B.Sargant, die waar-

1) Vgl. Coetzee: Ds. S.J.du Toit, 47-139.
2) Vgl. Basson: Voertaalvraagstuk in Transvaal 46,47.

nemende Direkteur van Onderwys, het 'n ideale geleentheid gehad om in die konsentrasiekampe van 'n gesentraliseerde onderwysstelsel gebruik te maak, en het etlike honderde[1] onderwysers uit Engeland en die Britse Dominiums in 1902 ingevoer om sy ideaal dat in die geval van die weinig meer as die helfte van die oorblywende 29000 kinders in die kampskole „English must be the paramount and indeed the only language throughout South Africa,"[2] te verwesenlik. Volgens Sargant se berig aan die Britse Hoë Kommissaris was die byeentrekking van die kinders in die kampe die gulde[3] geleentheid om binne 'n jaar almal Engelsprekend te maak en om aan die kinders van die burgers ....„ook ons groot imperiale ideale" te onderwys.[4] Die ou onderwyssisteem van die Transvaal en Vrystaat „had been swept so thoroughly that not a vestige had remained....The power of the state was used to bring about the denationalisation of a people through the medium of the schools."[5] In daardie skole sou net drie uur per week Hollands gegee mag word en twee uur godsdiensonderwys. Die godsdienstige onderrig van die Hollandse kinders is in hul eie taal toegelaat, nie omdat daardie taal hul Bybeltaal was nie, maar om te verhoed dat daar 'n vervreemding tussen die vader en die seun ontstaan, want laasgenoemde sou met sy nuwe Engelse lewensideale ook sy vader kon beïnvloed.[6] Die onderwyswette wat gevolg het op die Vredesbepalinge van Vereniging, het die toestand nie verlig nie en op 'n petisie in 1903 wat hoofsaaklik deur bemiddeling van die N.G.Kerk opgestel is, waarin meer seggenskap in die aanstelling van skoolkomitees, meer uur per week „Hollands" op skool, en 'n godsdiensonderrig sonder enige leerstellige aard gevra is, het Sir H.Goold-Adams, Luitenant-Goewerneur, geantwoord dat daar soveel voordele in die Britse stelsel en optrede gesteek het dat hy geen verdere toegewinge kon

1) Malherbe: Education in South Africa, 299.
2) Vgl. Die Huisgenoot: 19.5.1944 (O.V.S. se Eerste Taalstryd.)
3) Vgl. White: The Language Question, 3.
4) Die Brandwag 1:418.Vgl.Die Huisgenoot: t.a.p. 13.10.1944 (Onderwysbeleid van die Vrystaat.)
5) Malherbe: Education in South Africa [illegible] 315.

doen nie.[1] Maar hy was juis een van die persone wat verantwoordelik was vir die handhawing van die Britse gesag in Rhodesië 'n tiental jare vantevore, en wat hy daar toegepas het, sou ook goed wees vir die Vrystaat. Soos een van sy eertydse Rhodesiese kampmaats, genl. P.Baden-Powell dit uitgedruk het, „Now is the unique opportunity in the annals of the Empire, now is the time, while enthusiasm is still warm, and before we sink back into our English easy chair, for us to prepare a wise and practical organisation of the splendid material lying ready to our hand."[2]

Die was dan ook geen wonder dat in die tweede Onderwysordonnansie van Rhodesië wat terselfdertyd uitgevaardig is, daar bepaal is dat Engels in Rhodesië die enigste taalmedium sou wees nie. Rhodes se ideaal is verwesenlik, Afrika was rooi geverf, en sy Rhodesiese majoors en luitenante sou ook as die voedstervaders van die oorwonne Republieke optree.

Dat daar egter verset sou kom teen hierdie rekonstruksie van die Afrikaner se gees volgens Britse model, behoort duidelik te gewees het vir iedereen wat die Afrikanervolk se historiese ontwikkeling onbevooroordeeld wou vertolk. In die Republieke het die „Vriendekring" en „Oranje Unie" geprobeer om die naweë van die verwoestende oorlog wat reeds meer as 23,000 toekomstige burgers van 'n klein maar groeiende bevolking geëis het, probeer stil. Onder leiding van Nederlandse onderwysers is eers in Pretoria begin met die organisering van 'n onderwysstelsel waarby die Afrikaners hulle sou kon aanpas. Saam met Kerks-en Volksvoormanne is daar in 1902 oorgegaan tot die stigting van 'n „Algemene Commissie ter Behartiging van't Christelijk Nationaal Onderwys" wat alle onderwys-pligte sou oorneem.[3] Geld is uit Nederland ingesamel en teen 'n karige salaris het oud-onderwysers hul dienste aangebied. „In die moeilik-

1) Malherbe: a.w., 317.
2) Baden-Powell: The Matabele Campaign, v.
3) Keet: Jubileum Gedenkboek: Wonderdade van God, 294.

ste omstandighede...in tente, in half-herboude afgebrande boere-wonings ens., - is skool gehou, maar dit was Christelik-Nasionale Onderwys. Wat uiteindelik daarmee bedoel was, is die duidelikste op die C.N.O.kongres, gehou op 20 en 21 Maart 1906, geformuleer: Onder Christelijk Onderwys word verstaan: onderwijs overeenkomstig de H. Schrift, in overeenstemming met die belijdenisschriften der drie Hollandsche kerken. Onder Nationaal onderwys word verstaan: onderwijs dat met oog op de leidingen Gods in de Geschiedenis van ons Volk, den Godsdienst, de taal en traditën onzer vaderen in eere houd en voortplant."[1] Die ampsdraers van die Hollandse kerke het veral die leiding vir die oprigting van die skole in die distrikte en dorpe op hulle geneem, maar dit was geen kerkskole en daar was geen offisiële kerklike kontrole nie. Die eerste 25 skole met 500 leerlinge het gegroei tot oor die 400 met byna 10,000 kinders. Elke skool is beheer deur "'n kommissie wat uit ouers en belangstellendes bestaan het. Die stelsel het ontwikkel tot 'n afsonderlike Departement van Onderwys langs die offisiële stelsel. Daar was 'n eie sekretaris, inspekteur, leerplan, Raad van Eksaminatore ens. Die onderwys was in Protestants-Christelike gees, Bybelgeskiedenis is onderwys, die medium was Nederlands, en Engels is as vak in alle standerds onderwys."[2] Hierdie C.N.O.-skole was die antwoord op en die teenwig teen Milner se openlike anglisaseerprogram, en hulle het daardie program dan ook verongeluk. "Such were the enthusiasm and devotion of these teachers that there were many instances where the C.N.O.-schools with underpaid teachers and with scanty funds drew pupils from the amply supported Government schools."[3] In hierdie grootste hoofstuk van die geskiedenis van die onderwysbelangstelling van die kerk is ook die gloriepunt van daardie instelling bereik.[4]

Die staatskole was egter met die knou wat

1) Greyling: Christelike en Nasionale Onderwys, 49. Basson: a.w. 53, 54.
2) Vgl. Keet: a.w. 294; 295 - 302.
3) Malherbe: a.w. 322.
4) Keet: a.w. 302.

hulle toegedien is, nie tevrede nie, en op diplomatieke wyse is nou geprobeer om die C.N.O.skole met die staatskole te laat amalgameer. Dit het gebeur na 'n konferensie in Maart 1905 waarna 'n nuwe onderwyswet in die Vrystaat goedgekeur is, sonder dat enige noemenswaardige verbetering onomwonde aangestip is.[1] „It was chiefly owing to a guarantee of the rights of the Dutch language and in the participation of local control that the complete success in winning over the C.N.O.opposition schools was due."[2]

Nadat die Transvaal in 1906 selfregering gekry het, het die Smutsontwerp, 1907, bepaal dat die moedertaal wel in die laerklasse die voertaal sou wees, maar dat die kennis van die vordering in die Engelse taal 'n voorwaarde van oorgaan in die openbare skole sou wees, bo std.111 Engels verpligtend sou wees, en Hollands as medium in nie meer as twee vakke nie gebruik kon word. Die ouers wat gehoop het dat die aanstelling van 'n Boeregeneraal, J.C.Smuts, as Minister vir hulle die nodige onderwyswetgewing sou bewerkstellig, is teleurgestel. In die Vrystaat het generaal J.B.M.Hertzog onderneem om die belange van die volk ten opsigte van hulle onderwys in sy wetgewing in aanmerking te neem en sy onderwysstelsel was dan ook van so'n aard dat dit die ouers soveel tevredenheid gegee het dat die C.N.O.-skole in die staatskole opgegaan het. Hy het egter die uitvoerende beamptes teen hom gehad, en hulle afgedank, maar toe 'n saak teen hom gemaak is, het hy dit verloor en het die verengelsingsinvloed weer sterk op die voorgrond getree.[3]

Dit het wel gelyk of die stryd weer verniet was - maar dit het tog die voordeel gehad dat in die „maer jare" wat selfs na die Unie van Suid-Afrika in 1910 gevolg het toe op subtiele wyse die verengelsing van skole en hoër onderwysinrigtings voortgegaan het, die

---

1) Vgl. Die Huisgenoot: 19.5.1944.
2) Malherbe: a.w., 335.
3) V.den Heever: Generaal Hertzog, 236.

Nederlandse taal al meer in onguns geraak het om juis daarmee die offisiële geboorte te gee aan die taal van die volk: Afrikaans. So is ook uit die kwade, die miskenning van Nederlands - wat tog nie die moedertaal was nie, die goede gebore, naamlik die erkenning van Afrikaans wat miskien baie langer sou uitgebly het as die Engelse owerhede die Nederlandse taal verpligtend gemaak het. En „die taal is die hele volk."

2. DIE C.N.O.-BEWEGING IN RHODESIË: AANLEIDENDE OORSAKE.

a. Inwendig:

Hoewel die skole wat in Rhodesië deur bemiddelling van die N.G.Kerk in belang van die Afrikaanse kind na 1903 opgerig is, nooit die benaming Christelik-Nasionaal gedra het nie, was dit die gees van hierdie beweging in die Unie wat ook die ampsdraers van die N.G. Kerk geïnspireer het. Eers nadat die kerkskole van die toneel verdwyn het en geen tegemoetkoming van regeringskant sigbaar was nie, het die offisiële „Christelik-Nasionale" skole hul verskyning gemaak.

As toestande ten opsigte van die Afrikaners en hul taal in die vroeëre Republieke so deernis-waardig was, kan lig begryp word dat hulle in Rhodesië nie anders sou wees nie. Immers het, soos reeds gemeld, Rhodesië homself beskerm deur eenvoudig te bepaal dat Engels die enigste medium sou wees. Rhodesië was 'n Engelse kolonie en daarmee was dit klaar. Maar ook daar was dit duidelik dat miskenning van die taal miskenning van die volk beteken het. Vir sy eie behoud dus moes die kerklike owerheid teen die indringing van die „Hollandse" taal uit die leerplan optree.

Die kiem van die C.N.O.-beweging in Rhodesië moet gesoek word in die daarstelling van 'n „Opvoedingskommissie" deur die eerste kerklike konferensie van die N.G.Kerk wat in Rhodesië te Enkeldoorn in April 1906 gehou is. Die kommissie moes, indien moontlik, jaarliks bymekaar kom om, soos op die eerste vergadering, skool-

sake te bespreek en indien nodig vertoë tot die owerhede te rig. Ook moes die kommissie die "Opvoedingsfonds" wat in 1907 in die lewe geroep is, administreer. Hierdie kommissie het aanvanklik net uit die leraars van die gemeentes bestaan, en dit is veilig om te sê dat sonder die leiding van die N.G.Kerk daar geen C.N.O.-beweging in Rhodesië sou gewees het nie.

i. <u>Onbevredigende Toestande in die Gemeentes t.o.v. Nederlands op Skool.</u>

Die eerste taak van die Opvoedingskommissie was om as 'n deputasie in 1907 na die Administrateur te gaan ten einde om meer Nederlands in die skole te versoek, asook die oprigting van buiteskole. In verband met laasgenoemde is reeds aangetoon dat goedkeuring geskenk is aan die versoek van die Kerk (ds. Wessels) eers nadat genoeg geld deur die dominee gekollekteer kon word. Wat betref die Nederlands in skole, was die Departement nie gewillig om enige verandering in die staatskoolstelsel aan te bring nie.

<u>In Bulawayo</u> is daar teen 1907 nog geen Nederlands op die dorpskool onderrig nie aangesien die skool bydraes van die regering ontvang het.[1] Die sinodale vergadering het besluit dat 'n industriële en koskool vir die Afrikanerkinders wat behoeftig was, opgerig kon word, mits ondersteuning uit die Beitfonds gekry kon word.[2] Dit was egter nie moontlik nie, met die gevolg dat 'n inrigting wat in gees Afrikaans kon gewees het en waarin die Sinode belang gestel het, nie tot stand kon kom nie. In 1910 is die Miltonskool in die dorp geopen en moes die N.G."Kerkskool" sluit. Intussen het die 1908-Onderwyskommissie verslag uitgebring en direkte kontrole oor laerskole aanbeveel, asook 'n Adviserende Raad vir elke skool. Indien die Raad sou voorstel dat dit noodsaaklik was dat Nederlands op skool gegee moet word, sou dit as vak een uur per dag in die Afrikaanssprekende distrikte toegelaat mag word.[3]

1) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk Bulawayo, 1907-08.
2) Acta Synodi: 1909, 52.
3) Report of Education Commission 1908: 14.

Na die vertrek van ds. Geldenhuys het sy opvolger, ds. J.Smuts, ook nie geaarsel om die mag van die regering om onderwysers aan te stel en af te dank, en die toegewing dat slegs twee uur per week aan die moedertaal van die Afrikaanssprekende kind gewy is, te kritiseer nie. „Dat er eenigzins verwaarlosing is, is toe te schrijven aan het feit dat deze grootendeels een Engelsche bevolking is die niet veel bekommerd is over Hollands-sprekenden en geen tijd heeft voor den Boer met zijn taal." [1] het die jaarlikse verslag van die gemeonte gelui. Teen 1913 het die kerkraad nog meer ontevredenheid gelug toe hulle gekla het dat baie kinders in die gemeente geheel en al sonder enige wêreldlike of godsdienstige onderwys opgroei en dat 'n verandering nodig was. Oor die 276 N.G.Kinders wat in die 13 skole in Bulawayo onderrig ontvang het, het die „alleenheersende Direkteur van Onderwys" alle mag gehad. „De Kerkraad en ook niet de ouder heeft een stem in de opvoeding van onze kinderen. Die kerkraad gevoelt dat te toekomst van ons volk, en onze kerk afhangt van degelijk Christelijk en Nationaal-Onderwys voor't opkommend geslacht." [2] Die gemeente het beloof om te doen wat hulle kon maar hulle het op die steun van die vriende in die suide gehoop om daardie soort onderwys werklikheid te maak.

<u>In die Melsetter-distrik</u> waar die kerkskole ook eindelik deur die Regering oorgeneem is, was daar, soos reeds gemeld, vanaf die begin ontevredenheid met die owerheid, enersyds oor die gebrek aan skole en andersyds oor die ondoeltreffendheid van die skole wat betref die opvoeding van die Afrikaanse kind. Nadat ds. Wessels in 1908 toestemming gekry het om buiteskole met ondersteuning van die regering op te rig, het hy 'n onderwyseres gekry om met die werk in Februarie 1908 te begin. Die onderwyseres het nog nie haar onderwysersertifikaat gehad nie, dog die skool is ondersteuning belowe indien die Inspekteur tevrede met haar werk was. Toe die Inspekteur

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Bulawayo, 1912.
2) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Bulawayo, 1913.

dan ook eers aan die einde van daardie jaar opgedaag het, het hy oënskynlik tevrede met die werk gewees, maar die Direkteur het eenvoudig geweier om sy belofte van ondersteuning te vervul. Daarom moes die skool gesluit word (1909). Die leraar het toe om 'n staatskool aansoek gedoen en aan die Departement die naam van 'n onderwysor gestuur wat nog in Desember van daardie jaar sy „P.T.3." onderwyseksamen te Robertson sou skryf. Sy aanstelling is so vertraag dat die skool nie voor Maart 1910 geopen kon word nie, want daar moes eers gewag word op die eksamenuitslae om vas te stel dat hy geslaag het. Maar terselfdertyd kon 'n ander dame, deur die Departement aangestel, te Melsetter begin met haar werk nog voor haar uitslag bekend was. Die onderskeid, volgens die leraar, was dat sy haar opleiding te Grahamstad geniet het, terwyl sy kandidaat op Robertson – die Afrikaanse inrigting – opgelei is. Om alles te kroon, het die dame toe ook nog gedruip. Nadat die dominee die Departement op die ongerymdheid gewys het, is „sy" na Salisbury verplaas.[1]

Dit was verder die ondervinding van die ouers en leraar dat indien hulle lank genoeg aanhou om te versoek dat Nederlands ook aan hul kinders geleer word, die owerheid dan gewoonlik toestem om iemand aan te stel wat Nederlands ken of tenminste voorgee dat hy dit ken. In daardie distrik is eindelik iemand aangestel na jare van agitasie wat „zoo weinig Hollands kende dat zij niet eens een briefje zonder fout in het Hollands kon schrijven. Later werd een hoofdonderwyzer aangesteld die verondersteld werd Hollands te kennen, maar hij kon ook geen briefje schrijven zonder fout. Later werd op verzoek van de hoofdonderwyzer en de kommissie een assistent aangesteld met een Hollandse naam, die wel Hollands kende, maar die geheel en al vyandig gezind was tegenover Hollands."[2] Ook by die inspeksie is Nederlands geheel en al veronagsaam, met die gevolg dat „men soms maanden voor de inspekteur hoegenaamd geen Hollands onderwys geeft."[3]

1) Kotze: Rhodesië, 15.
2) Kotze: a.w., 16.
3) [illegible]

Die aantal ouers wat gevoel het dat die opvoeding en die onderwys van hul kinders beter behartig moes word, het stadig toegeneem. „Zij zien in dat de kinderen onzer kerk op de scholen zo-als die tans worden beheerd, stelselmatig in hun verstandelike en nationale ontwikkeling en in hun godsdienstige vorming worden belemmerd, en dat indien er van goewernementswege hierin geen verandering komt, zij verplight zullen zijn te breken met't Goevernement en 'n andere en betere weg in te slaan."[1)]

Hierdie houding is gesterk toe die aantal skoolkinders wat gemiddeld 72 was, in 1912-1913 begin daal het, en vasgestel is dat in net 4 van die 5 skole in die distrik (4 staatskole en 1 private skool) daar godsdiensonderwys gegee is. „Wat echter aan de wortel van de onderwysbelangen knaagt, is dat de voorlopige aanstelling van die gewenste personen als onderwijzers niet bij de ouders, maar bij 't Departement berust."

In Enkeldoorn was die stryd nie minder aangenaam nie. Daar het dit geblyk dat toe die Direkteur van Onderwys in 1907 op sy „Anti - hollands kruistocht" ook Enkeldoorn besoek het, die prinsipaal van die skool daarna geweier het om langer Nederlands in die skool toe te laat. Toe was die skool nog 'n N.G.Kerkskool, hoewel die regering 'n deel van die salarisse betaal het. Dat soveel aangedurf is in 'n skool van die Kerk, het die kerkraad nie geduld nie, en hulle het die handelwyse van die Direkteur sterk veroordeel. Ook die ouers het op 'n vergadering die besluit van die kerkraad gesteun en 'n „waaksaamheidskomitee" aangestel om in belang van die onderwys in die distrik op te tree. Toe het die Direkteur met huiwering toegestem dat daar weer Nederlands op die skool gegee kon word - 'n toegewing wat deur die Onderwyskommissie die volgende jaar bekragtig is. Nadat die skool in 1909 deur die Regering oorgeneem is, is belowe dat daar vir die Nederlandse taal gesorg sou word, maar

---

1) Verslag: Staat van Onderwys: N.G.Kerk Melsetter, 1912-1913.

die waaksaamheidskomitee „moest dag en nacht waken."[1] In 1911 is die taal weer ten strengste belet en selfs die leraar is nie toegelaat om die gewone lesse in die Bybelgeskiedenis deur medium van die moedertaal te gee nie. Weer was die ouers in opstand en het die Direkteur dit gerade geag om toe te gee.[2] Die volgende jaar is die Enkeldoornse ouers weer op dieselfde wyse op die proef gestel.[3]

Dit het ook geblyk dat die prinsipaal dit net as 'n persoonlike guns aan die ouers beskou het, om in daardie skool „af en toe" die kindertuinonderwyseres 'n paar Nederlandse lesse te laat gee, en toe die ouers daarteen protesteer, is belowe dat 'n bekwame „Hollandse onderwyseres" aangestel sou word. Dog toe dié daar aangekom het en in Nederlands aangespreek is, het sy geen woord verstaan nie, en het verklaar dat as sy geweet het dat van haar verlang is om dié taal te ken, sy nooit sou gekom het nie. Nege maande later kon die ouers nie meer gesus word nie, en is die onderwyseres na Mbezavallei verplaas waar die N.G.ouers ook 'n onderwyser gesoek het. Die Enkeldoorn-ouers het die versekering ontvang dat daar nou vir hulle 'n deeglike Hollandse onderwyseres aangestel sou word, maar weer is die ouers ontnugterd, „want deze dame kon bezwaarlijk het abc in goed Hollands opzeggen."[4]

<u>Salisbury</u> het vanaf die vroegste dae gekla oor die onregverdige toedrag van sake wat betref Nederlands teenoor Frans op die skole, maar omdat eers in 1907 'n leraar in die gemeente daarteen protes kon aanteken, was die ander skole reeds te gevestig en sou die ouers hul kinders daarin moes hou. Die leraar moes eers sukkel om in die ander dele van die gemeente soos Inyanga, Penhalonga en Umtali skole te kry waarheen die kinders kon gaan voordat hy om die regte van die moedertaal

1) Verslag: Staat van Godsdiens en Onderwys. N.G.Kerk, Enkeldoorn, 1910.
2) Idem, 1910.
3) Idem, 1912.
4) Kotze: Rhodesië, 19.

in daardie skole kon vra. In Salisbury was daar teen 1910 nog geen Nederlands op die skole gegee nie, maar in 1912 was dié taal op twee van die tien staatskole onderrig.

Dié dorp self het meer en meer Afrikaners begin trek[1] sodat die behoeftes aan 'n bevredigende onderwysstelsel ook groter geword het. Die vakatures in die gemeentes is egter eers na lang tussenpouses gevul sodat daar begryp kan word waarom daar nie meer daadwerklik deur die Kerk opgetree is nie.

Nadat ds. C.R.Kotze as leraar gearriveer het, het hy onverwyld gepoog om die Nederlandse taal op skool ingevoer te kry. Hy het gekla dat die onderwys op die Britse lees geskoei is,[2] waar die kinders Engels en Frans moes leer. Waarom moet die Afrikaanse kinders Frans leer, het hy gevra, en nie Nederlands nie? Indien die kinders laasgenoemde wou leer, moes die ouers daarom vra, maar geen ouer het nog gevra dat Frans moes gegee word nie.[3] Teen 1913 het dit met die sekulêre onderwys „beroerd" gegaan, want op die 13 skole is daar geen enkel woord Hollands onderwys nie. „En't onderwys dat de kinderen ontvangen, is (afgezien van't gebrek aan Hollands) ook hoegenaamd niet berekend om van de kinderen getrouwe leden der Hollandse kerk te maken, maar juist 't tegenovergestelde. Indien de zaak der onderwys dus geen hervorming ondergaat, hebben we geen de minste grond te verwachte dat wij in de toekomst 10 per cent der kinderen in onze kerk zullen behouden."[4]

Die hoofde van die skole in die dorp was blykbaar gretig om „Hollands" op die skole in te voer, want hulle het aan die leraar gevra of hy nie weet waar so'n onderwyser gevind kon word nie; ook die ouers het by die predikant aangedring om voorsiening te maak vir die onderwys van dié taal op skool. Van die kant van die Engelssprekende publiek het daar ook 'n versoek gekom,

---
1) Kerkbode: 9.2.1909.
2) Verslag: Staat van Godsdiens, N.G.Kerk Salisbury,1911.
3) Kotze: Rhodesië, 11.
4) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Salisbury,1913.

„kan dan die „Hollandse" predikant nie 'n plan maak dat daar ook Hollands op die skool gegee word nie? Wat het ons kinders tog aan die Franse taal indien hulle in Suid-Afrika moet bly."[1] So het die stemme hul vermenigvuldig „en't opvoedingsdepartement is hier bij ons, maar 't zit nog altyd vasgekneld in de enge groeve van 't opvoedingstelsel."[2]

In die vrugbare Mbeza-vallei[3] tussen Penhalonga en Umtali is daar ook in 1907 'n regeringskool geopen, vir die baie Afrikaanse kinders wat saam met hul ouers uit Inyanga en elders daarheen getrek het. Dit was 'n staatskool en dus is daar ten spyte van die versoeke om 'n Afrikaanse onderwyser aan te stel, geen voorsiening vir Nederlands gemaak nie. Daar is reeds aangetoon dat die onderwyseres wat op Enkeldoorn nie kon aard nie, daarheen verplaas is. Aan die begin van 1913 moes daar 'n nuwe onderwyseres aangestel word, maar toe die skool in Januarie moes open, was daar nog geen onderwyseres nie. 'n Brief is tot die Departement deur een ouer gerig om te verneem of die skool weer geopen sou word, waarop die Departement geantwoord het dat die skool nog steeds oop is en dat indien die ouer dit verkies, hy sy kind daarheen kan stuur. Die ouer wat 400 tree van die skool gewoon het, het teruggeskryf dat die skoolgebou wel oop is, want hulle het die sleutel gehad, maar wat sou 'n oop skool sonder 'n onderwyser beteken? „Toen was er te Salisbury een ontwaking (het was nu reeds einde Februarie!) toen was men natuurlik zeer „jammer", men was altyd onder de indruk dat de onderwyzeres aangekomen was en dat het schoolwerk naar hartewens voortgang; men was feitelik so zeker van de zaak, dat men al de nodige instruksies alsmede het gewone salaris aan de denkbeeldige onderwyzeres had toegezonden."[4]

Oor die hele land was daar dus ontevredenheid met die Departement ten opsigte van die posisie van

1) Kotze: Rhodesië, 11.
2) Idem.
3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Salisbury, 1907-1908.
4) Kotze: Rhodesië, 23.

van die „moedertaal" op skool.

ii. Onbevredigende Godsdiensonderwys.

Godsdiensonderwys as deel van die leerplan is oorgeneem uit die Kaapse sillabus, en die verskeie Onderwysordonnansies en- kommissies het dit bekragtig. Die eerste halfuur per dag sou daaraan gewy word.[1] Rhodes self het in die opsig 'n baie wyse en vir sy tyd baie rewolusionêre klousule in die Onderwysregulasies laat bepaal, wat Rhodesië die eer gegee het dat hy die eerste en enigste land was wat geprobeer het om die godsdienstige moeilikhede in die gemengde skole bevredigend op te los. Hy het naamlik neergelê dat die kinders in die skool hul verskillende godsdienste onderrig moes word, natuurlik deur hul eie leraars. Vir hom was dit 'n oplossing wat hy gemeen het beter sou werk as in Engeland. Hy het ook sy openlike teleurstelling uitgespreek dat Australië godsdiensonderwys uit sy skole probeer uitskakel het. Rhodes het gemeen dat 'n kind op skool daardie periode in sy lewe bereik het, wanneer gedagtes die maklikste kan inwerk „and if you remove from it all thoughts of religion, I don't think you make it a better human being. I am quite sure that a child brought up religiously is a better human being."[2] Hy wou dan ook die skoolvakke laat aansluit by die godsdiensonderwys om daarmee die kind in sy skooljare te laat verstaan dat daar een ding beter is as "material instruction, and that is religious belief."[3]

Hierdie „Right of Entry"[4] van die leraars van die verskillende kerke het dan ook die geleentheid gebied waardeur kerk en skool in nou voeling met mekaar kon bly. Juis omdat die N.G.Kerk eers soveel later in al die gemeentes kon optree, het baie verstoke gebly van die voorreg, terwyl ander kerke die gulde kans aangegryp het. Daarby het gekom dat die gemeentes nog dikwels vakant was. Verder was die grootste aantal Afrikaanse kinders

1) Report of Education Commission: 1908, 7.A.
2) McDonald: Rhodes: A Life, 353.
3) Idem.
4) Education Ordinance, 1903, Order,. 7.

op die platteland waar dit onmoontlik was, om die skole te besoek - 'n probleem wat dus nie by die ander kerke swaar geweeg het nie. En om die kringloop te voltooi, moes die leraar weer op sy beurt so dikwels van die dorp afwesig wees om die boere op die land te ontmoet en daar huisbesoek af te lê dat dit vir hom onmoontlik was om die godsdiens in die skool op die dorp waar te neem.[1)]

Hierdie godsdiensonderrig, het die Departement toegegee, kon dan in die moedertaal geskied, soos dit in die Transvaal en elders na 1902 die geval was, dog daar het tye gekom dat 'n leraar soos eerw. A.J. Liebenberg byvoorbeeld verbied is om dit deur medium Afrikaans of Nederlands te onderrig, omdat die wet net een medium erken het vir die onderwys binne die skoolure.[2)]

Vir die onderwyspersoneel was dit nie duidelik wat hulle in die verband te doen gestaan het nie. „De ene onderwijzer meent, dat men vrijheid heeft om te handelen naar eigen goeddunken; de andere meent dat men 10 minuten per dag er aan heeft te wijden, en een derde weet zeker, dat men de school moet openen met „Onze Vader" op te zeggen en een paar verzen uit de Bijbel te lezen zonder enig iets erbij."[3)]

Dat daar dus nie veel aan godsdiensonderwys in ieder geval gedoen is nie, kon verstaan word. Dit was nie 'n verpligte vak in die leerplan nie en wat veral die N.G. ouer gegrief het, was dat hy geen seggenskap oor die aard van die godsdiensonderwys gehad het nie. Hul het dan ook met reg teleurgesteld gevoel „omdat er geen sprake is van godsdienstig onderwys op de regeringscholen en de morele invloed op onze kinderen uiterst nadelig is, aangezien de meeste onderwyzers(essen) geheel zonder enig godsdienstzin zijn."[4)] Die enigste godsdiensonderwys wat die kinders dus gekry het, was in die huise - en daar het baie dit ook al versaak - en in die Sondagskool waar dit[5)]

1) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk, Salisbury, 1911.
2) Kotze: a.w., 25.
3) Kotze: a.w., 26.
4) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Salisbury, 1916.
5) Vgl. Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn, 1911.

weer baie moeilik gegaan het om onderwysers te kry, en aan die anderkant nie deur die helfte van die kinders bygewoon kon word nie.

Teen 1913 was daar dan ook nie eintlike sprake van 'n Christelike of godsdienstige opvoeding van die kinders nie. "Zoolang wij niet in staat is om ons eigen school te stigten, is het ons gans onmogelijk om iets meer te doen aan godsdiensonderwijs," 1) het een gemeente verklaar.

iii. Onbevredigende Reaksie op Deputasies.

Benewens die versoek van ouers, kerkrade en leraars, was daar die afvaardigings van die Rhodesiese N.G.Opvoedingskommissie na die Departement in 1907 en in 1913, asook hul getuienis voor die Onderwyskommissie van die Regering in1908, wat 'n duidelike beeld verskaf het van die houding wat die Departement teenoor die Afrikaners aangeneem het.

Na die eerste deputasie is ingewillig dat Nederlands op skool onderrig sal word tot 1 uur per dag waar daar genoeg ouers daarom vra. Die jarelange negatiewe houding van die Departement is saamgevat in 'n brief van die Direkteur aan die kommissie waarin hy verklaar het dat insake Nederlands op skool die Departement se standpunt was: (1) Indien daar van die kant van die ouers 'n versoek kom wat (2) goed gestaaf is (a verified desire) wat om Nederlandse onderwys vir hulle kinders vra (3) en indien die aanvraag groot genoeg was en (4) indien die nodige skikkinge getref kon word, daar een uur per dag Nederlandse onderwys gegee sou word. 2) Die eerste deputasie kon dus nie veel uitrig nie, en is feitlik onverrigtersake terug. Dit is seker dat die deputasie die oë van die owerheid oopgemaak het vir die gebreke en ook gevare ten opsigte van Nederlands op die skole. Omdat dié gevaar van botsing teen die imperiale ideale groter gelyk het as die gebreke in die onderwys van die Afrikaanse kind kon geen verdere toegewings gedoen word nie. Indien

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Salisbury, 1917.
2) Kotze: Rhodesië, 11.

die Departement tog in die noute sou raak, dan was daar altyd die wetgewing van 1903 en 1908, wat bepaal het dat Engels die enigste medium sou wees. En selfs wanneer alle ander toegewings gevaarlik begin lyk het, het die Direkteur gevoel dat terwille van die welvaart van die kind self daar tog maar liewers nie met Nederlands op skool moet gesukkel word nie. „Ek mag u egter sê, dat daar geen beswaar bestaan teen die leer van Nederlands nie. Die enigste moeilikheid is dat soveel van die kinders met hul opvoeding sover agter is dat daar baie min tyd oorbly vir die studie van Nederlands," [1] het die Direkteur aan die ouers van Enkeldoorn geskryf toe hul teen die uitskakeling van Nederlands op skool geprotesteer het. [2]

Dit was die antwoorde van die Departement wat jaar na jaar op elke afvaardiging se versoek gegee is, en die Afrikaners het baie skepties daarteenoor begin staan. Dit was tog duidelik dat baie ouers in die eerste plek nie so'n versoek sou kon rig nie, omdat soveel van hulle op die trekpad was. In dié verband het die kerkraad van Salisbury berig dat dit allertreurigs gaan met die kinders van die honderde trekkers wat van maand tot maand en van jaar tot jaar rondtrek sonder om hulle op enige plek te vestig, sonder om hulle by enige gemeente aan te sluit. „Deze menschen komen meestal van de Noordelike Transvaal; zij en vooral hun kinderen zijn ... reddeloos, en onze kerkraad is radeloos want de trekker wil vrij zijn terwyl hy niet weet wat vrijheid betekend." [3] Sommige ouers het nie omgegee nie, omdat hulle gemeen het dat „Hollands vanself sou kom," ander het wel gereken dat op skool die „Hollandse taal deel uitmaakt van de opvoeding van Hollandssprekende kinderen," [4] sommige was reeds besig om te verengels en het die toestand goedgekeur, en baie het tog nie omgegee nie omdat Nederlands tog nie die „moedertaal" was nie. Dit was dus onwaarskynlik dat die ouers gesamentlik daarom sou vra. Maar indien oor die

1) Vgl. Kotze: a.w., 9.
2) Idem, 13.
3) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk Salisbury, 1915.
4) Kotze: Rhodesië, 10.

eerste "berg van moeilikheid" gekom is, moes, tweedens, die versoek eers behoorlik gestaaf word. Wanneer die ouers die versoek deur iemand wat Engels ken, laat vertaal het - heelwaarskynlik die leraar - dan moes iemand van die Onderwysdepartement kom om die egtheid van die versoek te ondersoek. „Hy gevoelt zich geroepen om 't een en ander aan de belanghebbende ouders, "duidelik te maken," hij komt voor 'n onbedachtzame of onverschillige of 'n behoeftige ouder en hij "maakt duidelik," met 't gevolg dat hij later rapporteer, dat sommige ouders hun aanvraag om Hollands onderwijs hebben teruggetrokken na-dat zij genoegzaam ingelicht waren."[1] Dit bring dan nog verder mee dat die Departement in die derde plek van oordeel was dat daar nie genoeg ouers was om die versoek te regverdig nie. Maar indien die versoekskrif tog nie weggeredeneer kan word nie, dan sou die Departement nou, vierdens, probeer om behoorlike skikkinge te tref wat beteken het dat 'n onderwyser gesoek moes word, terwyl die ouers, "vooreerst tevreden zijn met 'n heer of dame, die pos uit Engeland gekomen is."[2] Baie ouers het dan ook gewonder of so'n Hollandse onderwyser in Suid-Afrika dan wel in Engeland gesoek is, veral nadat die Administrateur gesê het dat dit 'n "bietjie moeilik was om Hollandse onderwysers" te vind.[3]

Nieteenstaande die feit dat baie ouers bewus was van die bevooroordeelde houding van die Departement, is in 1912 verskeie publieke vergaderinge gehou waarop die N.G.ouers hul ontevredenheid oor die verwaarlosing van hullo taal - en godsdiens-op skool ten duidelikste uitgespreek het. In weerwil van die feit dat die inhoud van die vergadering in die nuusblaaie gepubliseerd was, en dat ds. C.R.Kotze die Departement in 'n brief van die gevoelens van die ouers in kennis gestel het, het die Administrateur geantwoord dat, nadat hy deegelike ondersoek ingestel het, hy nie kon erken dat

1) Kotze: Rhodesië, 10.
2) Idem.
3) Kotze: a.w., 24.

daar ook enige rede daartoe bestaan het nie. [1] Om hierdie „blindheid" van die Departement te probeer verwyder, het daar op 29 Julie 1913 'n sterk deputasie sy opwagting by die Administrateur gemaak. Die deputasie wat bestaan het uit twaalf afgevaardigdes wat die Afrikaner-element dwarsdeur Rhodesië verteenwoordig het, het 'n petisie voorgelê wat deur 417 Afrikaners, verteenwoordigende soveel Afrikaanse gesinne, onderteken is.(Later is nog een van die kopië, wat in die pos verlore geraak het, met 17 name gevind, dit wil sê 434 naamtekeninge.).

Hierdie deputasie het aangetoon dat daar wel bepaalde griewe bestaan het insake die opvoeding van die kinders; dat hulle as vrye Britse onderdane nie gunste kom vra het nie, maar wel dat die heilige reg van die ouers gehandhaaf word; dat niemand teen Engels gekant was nie maar dat Nederlands tog die moedertaal, die kind se eersgeboortereg is, en dat dié taal behoorlik op skool onderrig moes word, en dat volgens die reëls van gesonde verstand elke „hollandssprekende" kind ook ten minste sy eerste opvoeding deur middel van sy huistaal moes ontvang. Daar is ook aangetoon dat die ouer by die Here en by die mens verantwoordelik is vir die behoorlike opvoeding van sy kind, en die verantwoordelikheid kon niemand ter wêreld van die ouer wegneem nie. Die ouer, en die ouer alleen, moet dus deeglik toesig oor die opvoeding van die kind hou. Die was die ouer se plig, sy voorreg en sy heilige reg wat die Afrikaner wou handhaaf. Ten slotte het die deputasie daarop gewys dat daar geen ware opvoeding sonder godsdiensonderwys kon wees nie.

Die versoeke van die deputasie het dan daarop neergekom: (1) Dat alle onderwys op die regeringskole in Suid-Rhodesië tot en met standerd IV deur middel van die huistaal van die skoolgaande kinders sou wees. (2) Dat elke skool sou staan onder beheer van 'n skoolkommissie, aangestel deur die ouers van die skoolgaande kinders. (3) Dat alle onderwysers(esse) deur die

---

1) Kotze: a.w. 2.

skoolkommissie met goedkeuring van die regering aangestel sou word. (4) dat 'n halfuur per dag aan godsdiensonderwys gewy sou word mits die skoolkommissie dit wenslik ag, dat sulke onderwys deur 'n persoon of persone gegee word wat deur die skoolkommissie daartoe benoem is, maar ouers sou desverkiesend die reg hê om hul kinders van sodanige onderwys weg te hou.[1)]

Hierdie versoek was niks minder as waarmee die gewone Calvinistiese ouer tevrede kon wees nie. Maar benewens die feit dat die N.G.Kerk geen waarborg gehad het dat die Departementele owerheid die Calvinistiese lewensbeskouing gehuldig het nie, was die ander groot grief die feit dat, dit vir dié owerheid skynbaar onmoontlik was om die dwaasheid te begryp om van 'n onderwyser wat niks as Engels verstaan het nie, te verlang dat hy onderwys aan 'n klas van kinders sou gee, wat niks anders as Afrikaans verstaan het nie. Nie alleen na die gees nie, maar ook na die verstand het die deputasie dus aan die Departement gewanhoop.

Die antwoord van die Departement was dat versoek (1) en (4) wetsveranderinge geëis het, en dat dit dus nie in die mag van die Departement of die Administrateur gelê het om hulle toe te staan nie. Versoek (2) en (3) was die administrasie self nie bereid om toe te staan nie, want dan sou daar te veel mag uit hulle hande moes gaan.[2)]

Daarmee was die saak oënskynlik afgehandel. Die Departement het belowe om die wense van die ouers in aanmerking te neem, en ook om enige aanbevelinge vir onderwysers goedgunstig te oorweeg - Maar die "Opvoedingsdepartement beloof enig iets, 't ontbreekt ons nooit aan vriendelikheid, maar 't ontbreek ons immer aan Hollands," was die slotsom van die deputasie. Dit was duidelik dat langs dié weg die Afrikaner nie tot sy reg sou kom nie.

---

1) Vgl. Kotze: a.w. 3,4.
2) Vgl. Kotze: a.w. 7.

iv. <u>Ontevredenheid met die Departement en Skoolkommissies.</u>

Die Onderwysdepartement was dus volgens ds. C.R.Kotze, 'n „veel-belowende" departement, maar tot die uitvoering van sy beloftes het dit selde gekom. Die beloftes moes dien om die Afrikaners maar weer tot die volgende afvaardiging gerus te stel – en so <u>ad infinitum</u>. Dit was 'n kwessie by die Departement van geloof in die deeglikheid van die opvoedingstelsel, deeglik in soverre die skool daarvoor gebruik moes word om die land suiwer „Brits" te bewaar. Dit was seker die kern van die groot tekortkoming in die onderwyssisteem naamlik dat die skool nie <u>in loco parentis</u> nie maar <u>in loco civitatis</u> opgetree het. Teneinde te verhoed dat die ideaal van 'n Britse kolonie verwaterd raak, moes noodwendig die mag oor die onderwys gesentraliseerd wees in die Departement of ook wel in die Direkteur. Daarom dan ook moes die ouers kla teen die optrede van die „alleenheersende Direkteur". „Het departement is alleen verantwoordelik ; het Departement is ouder, schoolkommissie en opvoedingsdepartement en indien mogelijk, zou het gaarne nog meer willen zijn," en om hierdie gesag te handhaaf, sou die Direkteur „veel doen en nog meer zeggen om zijn lieveling stelsel tegen het licht des daags te beschermen."[1)]

Maar <u>as</u> die Direkteur net in sy pligte deeglik was, sou dit ook al gehelp het om die gemoedere te kalmeer. Die insident aan die Mbeza-vallei skool was een voorbeeld van die gevaar wat opgesluit lê wanneer 'n burokratiese departement vir alle reëlings in verband met die onderwys verantwoordelik wou wees. Die Direkteur het verder die regeringsowerheid onder die indruk laat kom dat die Hollandse taal wel deeglik geïnspekteer word, maar dit was tog duidelik dat dit nie gedoen kon word deur Inspekteurs wat geen Nederlands geken het nie. Die toedrag van sake in die Departement is egter gerstaan-

1) Kotze: a.w., 21.

baar wanneer aangetoon word dat die Departement in daardie jare saamgestel was uit manne wat meestal uit die provinsies van die Unie „gevlug" het toe die toepassing van die „Hertzogwet" vir hulle te moeilik geword het. Daar is reeds getoon dat enkele Inspekteurs afgedank is, ander het dan ook na Rhodesië vertrek – „óf deur halstarrigheid om die wet uit te voer na sy gees en bedoeling, óf uit onvermoë" om dit te verstaan.[1] Met hul aankoms in Rhodesië is hul hartlik ontvang en 'n betrekking van verantwoordelikheid aangebied. Twee van die here is aangestel as skoolinspekteure saam met 'n derde wat die onderwysdepartement van die Transvaal verlaat het. Uit die aard van die saak was hulle die strewe van die Afrikaanse ouer nie goedgesind nie. „Iedereen, wie dan ook iets weet van die geschiedenis van Zuid-Afrika, zal reeds uit de samenstelling van 't personeel goed verstaan hoe noodlottig 't bestaan van een alleenheersend departement is voor de echt nationale ontwikkeling van onze kinderen."[2]

Om die mense egter nie te diktatoriaal voor te kom nie, moes die Departement uitvoering gee aan die aanbevelinge van die 1908-Onderwyskommissie waarin bepaal is dat daar vir elke skool 'n Adviserende Raad benoem moes word wat die toesig kon hou oor die skoolterrein en -geboue, en ook die belange van die ouers aan die Departement kon voorlê. By baie van die buiteskole het daar natuurlik so iets nie bestaan nie, maar by elke dorpskool was daar „gewoonlik een schaduw van zulk een kommissie," wat 'n „adviserende skoolkommissie" genoem is. Die eerste twee publieke skole in die land het al getoon dat die staat maar te bereid was om die volle verantwoordelikheid vir die bestuur van dié skole te neem. Daar kan nie ontken word dat daar dikwels onbevoegde persone in die kommissies sitting gehad het nie, en dat dit by die Departement die gevoel laat ontstaan het dat die

1) Vgl. Die Huisgenoot (Onderwysbeleid van die Vrystaat), 13.10.1944, 29. Kotze: a.w., 1.

2) Kotze: a.w., 1.

kommissielede per slot van sake tog nie in staat was om tot enige diens te wees nie. Wanneer na die opgawe van die Enkeldoorn-distrikgeoordeel word,[1] waar daar ... omtrent tagtig persent kinders Afrikaanssprekend was, dan blyk daar, benewens die magteloosheid, ook die ander swakhede van so 'n kommissie. In 1909 het die Regering die sewe lede van die kommissie aangestel en spesiaal die voorsitter benoem. Vyf van die lede was Engelssprekend en twee Afrikaanssprekend. Vier uit die sewe was staatsamptenare. Drie van die Engelse lede het geen kinders op skool gehad nie. Die kommissie het na veel moeite eenmaal dié jaar bymekaar gekom waar eenparig besluit is om die Departement te adviseer om aan die sekretaris van die kommissie 'n hoër toelae te gee, en toe is die vergadering weer verdaag. Die ouers het in die eerste plaas nie vertroue in die kommissie gehad nie, maar ongelukkig was die Afrikaanse ouer ook nie altyd „bekwaam" genoeg om in sulke kommissies sitting te hê nie. Ander het geglo dat na die raad van so'n adviserende liggaam die Departement in ieder geval nie sou luister nie, en het verseg om hulle verkiesbaar te stel.

Maar al het die kommissie nog reg „geadviseer" en al het die Departement sy beloftes probeer nakom, dan nog moes die ouers heel dikwels stuit teen die onwilligheid van die prinsipaal om hom vir die belange van die moedertaal te beywer of om sy personeel daartoe aan te moedig. Op plekke soos Melsetter, Umtali en Enkeldoorn het die hoofde by tye botweg geweier dat Nederlands onderrig moes word en dan het die kringloop van die protes van die ouer aan die Raad, aan die Departement en terug na die skool maar weer begin.

Ter regverdiging van die optrede en houding van die Departement moet egter gesê word dat dit in daardie jare nie so maklik was om onderwysers te vind nie, en by baie van hulle was Nederlands per slot van sake ook net so'n vreemde taal soos Engels, sodat hulle

1) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk Enkeldoorn, 1909-1910. Ook Kotze: a.w., 25.

weiering om die taal te (laat) onderrig, uit 'n heel ander oogpunt beoordeel moet word. Die Departement het verder deur toelaes soveel Afrikaanse kinders moontlik na die koshuise probeer kry, sodat hulle nie verstoke sou bly van enige onderwys nie. Waar maar tien kinders bymekaar kon kom, daar was die Departement gewillig om 'n skool te open, en waar dit baie duidelik daarom gevra is, is hulp aan behoeftiges geskenk. Benewens die feit dat die Afrikaanse element en die ontwakende Afrikaanse nasionaliteitsgevoel heeltemal ge-ignoreer is, was daar nie veel wat vir so'n pioniersvolk in die onderwysregulasies ontbreek het nie.

Maar dit was juis nie teen die regulasies of gebrek aan regulasies wat betref die onderwys vir die Engelse kind, dat geprotesteer kon word nie. Wel egter teen die uitgangspunt van die opvoedingstelsel. Want waar die uitgangspunt verwronge of onseker is, daar sou die hele inhoud van die onderwys ook verwronge of onseker wees. Die tragiek was dan nie dat die onderwysstelsel of onderwysinhoud nie as verkeerd vertolk kon word nie, maar dat die Administrateur, die Departement en die Onderwyskommissies nie daarin geslaag het om die uitgangspunt van die onderwys suiwer aan te voel en die stelsel daarna in te rig nie, naamlik die uitgangspunt wat vir die Calvinis van die grootste belang is: dat die skool daar is om die plek en plig van die ouer te help vul en na te kom, en nie om in die onmiddellike diens van die staat te staan nie.

Omdat dus die gesonde opvoedkundige beginsels van moedertaalonderwys veral in die aanvangstadium veronagsaam is, omdat daar in die verdere skoolloopbaan van die kind geen die minste sistematiese aandag aan die moedertaal bestee is nie, en die een uur Nederlands per dag net op sommige plekke kon onderrig word, Nederlands op die groot sentra heeltemal afwesig was, in Afrikaanssprekende gebiede geen of nie genoegsame voorsiening vir onderwys van dié taal gemaak is deur behoorlike Neder-

landse of „Afrikaanse" onderwysers aan te stel nie, die aanstelling van gewenste persone as onderwysers nie by die ouers of hul verteenwoordigers berus het nie, omdat die Adviserende Skoolkommissies nie altyd die belange van die Afrikaanse kinders op die hart gedra het nie, daar aan godsdiensonderwys weinig of niks gedoen is nie, en die ouer in ieder geval self daar niks oor te sê gehad het nie, die Departement en die staatshoofde die versoeke van ouers, die kerk en die afvaardigings geïgnoreer het, omdat die blykbaar vyandige houding van die Departement nie verminder het nie, maar al meer ooglopend geword het, die Departement in baie opsigte swak en onprofessioneel opgetree het en nie genoeg pogings aangewend het om „Afrikaanse" onderwysers te kry nie, daar te veel mag in die hande van die Administrateur of van sy amptenare die Direkteur van Onderwys en Inspekteurs was, Nederlands nie geïnspekteer is nie, omdat, deur dit alles die Afrikaanse kind behandel is asof hy geen eie geskiedenis, nasionaliteit, voorgeslag en lewensopvatting het nie, en asof die behoefte aan 'n christelik-nasionale opvoeding by hom nie bestaan het nie, daarom moes die Opvoedingskommissie van die N.G.Kerk optree om so'n christelik-nasionale onderwys aan hulle kinders te verseker. Daardeur sou die kind nie langer, soos dit nou wel die geval was, vervreemd raak van sy Kerk nie omdat hy om die minste te sê, in die moedertaal tuis sou wees. Vir sy bloei en voortbestaan was die N.G.Kerk in Rhodesië dus wel deeglik met die regte onderwys op skole gemoeid, en daarom moes hy die leiding neem en gee in die oprigting van skole wat op 'n christelik-nasionale grondslag fundeer is.

b. „Uitwendig."

Nie alleen plaaslik nie, maar ook in die Unie was daar faktore wat meegewerk het tot die stigting van Christelik-nasionale skole in Rhodesië.

In die nuusblaaie van die Unie het daar herhaaldelik briewe voorgekom wat die toestand ten op-

sigto van Nederlands in Rhodesië voor die aandag van die publiek gebring het. Soms het dit ook polemiek uitgelok soos in die geval toe die inspekteur van skole in Rhodesië in die "Star" moes antwoord op aantygings wat teen die Onderwysdepartement gemaak is.[1)]

'n Gevolg van die skrywe was dat na 'n besoek van ds. H.C.de Wet in 1910, die sinodale kommissie vir Spesiale Evangelieprediking dr. D.F.Malan gevra het om die gemeentes in Rhodesië te besoek. Hy het in Julie 1912 vertrek en die hele gebied wat deur die N.G.Kerk bearbei is, tot aan die Kongo deurreis, en 'n insig-gewende verslag uitgebring wat hy stuksgewyse in "De Kerkbode" publiseer en later in boekvorm uitgegee het.[2)] Daarin het hy aangetoon dat die Afrikaner in Rhodesië besig was om sy nasionale selfrespek kwyt te raak omdat die "Hollandse" taal in die staatsdiens nie erken is nie, omdat die Afrikaners wat alleen "Hollands" kon praat, van die stemreg uitgesluit is, en omdat die skoolwet van "Hollands" selfs geen melding maak nie. Hy het ook bevind dat waar die skoolkommissies beslis eis dat Nederlands op skool geleer word, daar wel 'n "weinig Hollands onderwys" geduld is, maar omdat die skoolkommissie in baie gevalle deur die regering benoem is, so'n eis nie dikwels gestel word nie. Die stryd om C.N.O.-skole, het hy gesê, was ernstiger as die stryd om die vlag. Die huidige stelsel het tot gevolg gehad dat die kind soos 'n papegaai leer om die onderwyser tevrede te stel maar dat sy verstand nie ontwikkel nie. Hy word 'n naprater, vol oppervlakkigheid, en verloor sy tradisies en selfrespek, en word onkerks. "Verreweg die belangrijkste strijd ooit in Zuid-Afrika gestreden is de strijd om de Christelijk-nationale opvoeding voor onze kinderen" het hy betoog.[3)] "De strijd om die "Christelijke en Nationale opvoeding is in Rhodesia noch niet eens met erns aangepakt, laat staan nog gewonnen. En toch hangt alles daarvan af. Indien op

1) Vgl. Kotze: Rhodesië, 21.
2) Malan: Naar Congoland.
3) Vgl. Kerkbode: 19.12.1912.

onderwijs gebied de toestand blijft zo als hy is, heeft noch onze kerk noch onze volk in dezen gewesten enige toekomst."[1)]

Teen die einde van 1912 het eerw. A.J. Liebenberg van Enkeldoorn die algemene gevoel van dankbaarheid in die land teenoor die artikels van dr. Malan in 'n skrywe aan De Kerkbode geopenbaar waarin hy die afgevaardigde versoek om die artikels in boekvorm uit te gee, "zodat men weten -- wat van de toekomst van ons volk en kerk in het Noorden te denken, en hoe tegenover dien toestand in het Zuidin te werk te gaan."[2)] Hy het as antwoord op die stelling van dr. Malan dat "de eene groote behoefte van de Afrikaner in de beide Rhodesies is een leider," gemeen dat dr. Malan self daardie leier is, omdat niemand 'n duideliker insig in die kerklike en politieke toestand van die Afrikaner in Rhodesië gehad het nie. "Moet de Moederkerk dr. Malan niet ander maal vragen, en zal de kerk van Graaff-Reinet hen niet in belang van volk en kerk daartoe afstaan al was het slechts voor een jaar, om als Organiseerende Predikant naar Rhodesia terug te gaan, en indien mogelijk eens en voor altyd de belangen van ons volk en kerk aldaar op vasten voet te brengen?"[3)] het hy gevra.

Hierdie besoek van dr. Malan het seker meer as enigiets anders daartoe bygedra dat die Afrikaners in die Unie van Suid-Afrika na 1910 tot die besef gekom het dat daar in Rhodesië 'n Afrikaanse stamverband op nasionale en kerklike gebied gehandhaaf moes word en dat dit alleen deur daadwerklike medewerking uit dié provinsies moontlik was.

Nadat dr. Malan op die vergadering van "De Raad der Kerken," waarvan hy 'n lid was, verslag gedoen het van die toestand in Rhodesië, het hy en ds. J. Kestell voorgestel dat met die oog op die "betere behartiging hunner geestelijke belangen" al die provinsies

1) Malan: Naar Congoland, 77.
2) Kerkbode: 19.12.1912.
3) Kerkbode: 26.12.1912.

moes saamwerk in belang van die geloofsgenote buite die grense. Wat die onderwys en opvoeding betref sou die saak by geheel die Kerk en Volk kragtig aanbeveel word, sowel deur 'n skrywe te rig aan die verskillende sinodale kommissies van die Kerk, as deur middel van 'n ope brief aan die nuusblaaie.[1)]

In De Kerkbode het daarna een artikel na die ander verskyn waarin die feit beklemtoon is dat, soos dr. Malan gesê het, „die oorwinning in Rhodesië kan en moet behaal word. Die opvoedingskommissie vir Suid-Rhodesië van 1913 t.w. ds. C.Kotze, J.Smuts, F.Badenhorst, eerw. A.J.Liebenberg en mnr.G.van der Byl het so 'n ope brief, soos deur De Raad der Kerken voorgestel, na hul mislukte deputasie by die Administrateur en Direkteur opgestel en aan die A.C.V.V., Vrouwen Federatie, Oranje Vrouwen Unie, Dingaansfeeskommissies, C.J.V., C.S.V. Werda Komitee en voorts alle lichamen en personen die het nationale heil van de Hollandsch-sprkende bevolking van Zuid-Afrika be-oogen en zoeken te behartigen," gerig.[2)] Daarin is gewag gemaak van die reisbeskrywing van dr. Malan en van die briewe van ds. Kotze oor die opvoeding in Rhodesië waardeur dit duidelik moes word dat die Afrikaner 'n keerpunt in die geskiedenis van hul nasionale ontwikkeling genader het. Die Kerk kon nie langer met die ongewenste toestand van sake op onderwysgebied tevrede wees wat in die lewe geroep is deur die stelselmatige miskenning van owerheidsweë van die heilige reg wat die Afrikaner-ouer toekom om die onderwys so in te rig dat dit nie tot gevolg sou hê die belemmering van die verstandelike en die nasionale en godsdienstige vorming van hul kinders nie. In die „noodkreet" het die kommissie sy voorneme te kenne gegee om te breek met die regeringskole en om C.N.O.skole op te rig. „De zaak is ons zó heilig, zó ernstig, zó dringend, dat al zien we 't einde nog niet we vast besloten zijn met de hulp

1) Handelinge: Raad der Kerken: 6.3.1913, 20, 24.
2) Kerkbode: 23.10.1913. Kotze: Rhodesië, 28.

van Hoger Hand op de ingeslagen weg voort te gaan." Vir die sukses van die onderneming was die kommissie egter afhanklik van die ondersteuning uit die suide, maar hy het nie getwyfel dat sulke ondersteuning mildelik sou verskaf word nie omdat dieselfde tradisies bewaar moes word, dieselfde geskiedenis gemaak moes word omdat „wij in de weg den Voorzienigheid bestemd zijn om van de Kaap tot over de Zambezie een sterk, verenigde volk uit te maken.....ons verlies uw verlies, onze winst uw winst zijn zal."

Uit alle oorde is daar dan ook aan die roepstem gehoor gegee. Prof. P.J.G.de Vos het dr. Malan se stellings weer beklemtoon,[1] en die redakteur van De Kerkbode, het hom baie sterk vir die saak beywer. Hy het gemeen dat die Afrikaanse volk reg gehad het op die volle erkenning van hulle taal en dat die Afrikaners gelyke regte ook wat sy taal betref, kon eis. Deurdat die Afrikaners op die onderwys- en taalgebied minder regte skyn te geniet as die barbaarse kaffer wat saam met hulle woon, het hy betoog, is ook in die suide die gemeenskaplike Hollands-Afrikaanse volksgevoel en nasionale selfrespek gruwelik aangerand. Die toestand het geen uitstel gedoog nie, aangesien Afrikaners wat in die toekoms na Rhodesië sou trek in gevaar verkeer het om hul godsdiens te verloor, en „dit gevaar is geen hersenschim," al is die Rhodesiese regering verdraagsaam en liberaal. Hy het aan die hand gegee dat aan die genoemde liggame geskryf moes word, dat geldelike bydraes ingesamel moes word, ds. C.R.Kotze 'n kruistog deur die land moes maak, die Kerk sy sedelike steun moes gee, dat diplomatieke hulp ingeroep, die samewerking van alle organisasies verkry, en 'n algemene kommissie benoem moes word om in belang van die Afrikaners in Rhodesië op te tree.[2]

Hierdie aanbevelinge is een na die ander uitgevoer. Onder meer is gevra dat na aanleiding van die plan van die Kaapstadse Dingaansfeeskomitee om met sy

1) Kerkbode: 1913, 899, e.v.
2) Kerkbode: 6.11.1913.

75[e] gedenkdag van Dingaansdag 'n insameling te hou, daar 'n vaste fonds gestig moes word in belang van die kinders van die uitgeweke lede van die volk buite die grens van die Unie. Die Moderatuur het aangetoon dat waar die Afrikaners 'n eeu van onreg agter die rug had, hulle, nou soos een man aan die sy van hulle stamgenote in die noorde moet staan, en deur geldelike en sedelike hulp die Rhodesiese Afrikaners so steun, dat deur die onsimpatieke Administrasie hulle eindelik toegestaan moes word wat hulle toekom.[1)]

Na De Raad der Kerken gepleit het om ondersteuning, het die sinodale kommissie van die Kaapse kerk besluit om 'n bydrae aan die Afrikaanse Rhodesiërs te gee, en dat daar dadelik met die kollekte begin moes word.[2)] Dit het daartoe gelei dat 'n "Kommissie vir die Opvoedkundige en Godsdienstige versorging van die mindorbevoorregte lede van ons Kerk" in 1913 deur die Kaapse Sinode in die lewe geroep is, die sogenaamde Inwendige Sending wat in die Algemene Armsorg ontwikkel het.

Intussen het ds. C.R.Kotze op 'n kruistog in die Unie rondgegaan om fondse in te samel en het hy die volle ondersteuning van die kerklike owerheid geniet.

Die algemene kommissie wat benoem moes word om met "diplomatieke" optrede die toestand te probeer verbeter, is in 1913 in die Paarl gevorm wat 'n petisie sou opstel en dit met kollektelyste sou rondstuur ten einde die versoekskrif geteken te kry en aan die Ryksregering voor te lê, "vragende dat by een vernieuwing van de Charter aan de Hollandsche taal meer rechten toegekend worden dan hiertoe." Hierdie kommissie wat bestaan het uit Prof. P. de Vos, di. P.Meiring, W.A.Joubert dr. A.de Jager, dr. D.F.Malan, mnre. S.P.de Villiers en G.J.du Toit het dan ook die petisie met etlike duisende naamtekeninge aan Lord Gladstone voorgelê.

In 1914 het ds. P.Meiring die gemeentes

1) Vgl. Kotze: Rhodesië: Voorwoord - P.G.J.Meiring.
2) Kerkbode: 14.8.1913.

in Rhodesië besoek en gekonstateer dat hoewel die Afrikaner in die verhouding van 1:6 tot die Engelsman in Rhodesië staan, hy (die Afrikaner) gladnie „tel" in die publieke en maatskaplike lewe nie. „Ons volk is dus in Rhodesia een zwak en vaak veracht volk, en des te meer veracht omdat de klas Afrikaner die men langs de transportwegen, op de grenzen van de hoofdorpen en by de goudmijnen aantreft, niet de rechte ist."[1)]

In 1916 het die Kaapse Kerk ook ds. P.S. van Heerden afgevaardig om die Rhodesiese gemeentes te besoek maar hoewel hy die Direkteur van Onderwys gespreek het, moes hy onverrigtersake terugkeer. Ook het De Raad der Kerken weer in 1916 besluit dat 'n „verenigde en kragtige poging deur die vier gefedereerde kerke aangewend sou word om die gesaghebbendes in Rhodesië te beweeg om die Nederlandse taal in die openbare skole aldaar reg te laat wedervaar."[2)] Die Direkteur was egter nie bereid om „controversial matters" gedurende die oorlogstyd te bespreek nie.

Op 'n sinodale vergadering van 1916 is daar verder deur die Inwendige Sendingkommissie die dominees A.P.Louw, J.H.van Wyk en D.J.Marchand benoem om as 'n „Commissie" voor Rhodesië te dien en aanbevelinge te doen. 'n Subkommissie vir Rhodesië is deur dieselfde liggaam op 'n vergadering in November 1916 te Cradock benoem. By hierdie „Algemene Inwendige Zendingkommissie" het die Ring van Du Toitspan in 1916 „beseffende de noodzakelijkheid van Christelijk Nationaal onderwys voor't voortbestaan van ons volk in onze kerk in Rhodesia." by monde van een van sy afgevaardigdes ook die toedrag van sake aanhangig gemaak.[3)]

Eindelik is nog 'n liggaam genader - en seker een van die belangrikste, naamlik die Helpmekaarvereniging. Na ds. Kotze uit Salisbury na Beaconsfield in 1916 vertrek het, is op laasgenoemde plek 'n Helpme-

1) Kerkbode: 1914, 738.
2) Handelinge: Raad der Kerken, 1.3.1916.
3) Notule: Ring van Du Toitspan, 1916.

kaarvereniging gestig as een tak van die Vereniging wat uit die nood van die provinsies gebore is, en reeds dwarsdeur die land gevestig was en waardevolle hulp in die opvoedkundige stryd van die Afrikaner verleen het. As voorsitter van die Beaconsfield Helpmekaarvereniging (Beaconsfield het net soos die gemeentes in Rhodesië onder die Ring van Du Toitspan ressorteer) kon ds. Kotze, in 1918, na die Helpmekaarkongres te Victoria-Wes gaan, waar dit hom geluk het om die bedrag van ongeveer £7000 vir geboue en toerusting vir C.N.O.-skole in Rhodesië te verkry. Van hierdie bedrag sou Kaapland £4000, Vrystaat £2000 en Transvaal £1000 stort.

Die jare 1912-1913 en daarna kan dan ook met rog jare van ontwaking genoem word - jare waarin daar gepoog is om die eenheid van die Afrikaanse volk wat deur stryd ,oorlog, en misverstand verflou het, weer te herstel - vanaf die Kaap tot aan die Sambesie, soos president Kruger aan president Brand gesê het. Die vaste oortuiging het by die Afrikaners in die Unie posgevat dat hulle wel ook hul "broers" in Rhodesië se "hoeders" was, en dit was dié geloof van die Afrikaners in Rhodesië in die daadwerklike ondersteuning van hul volksgenote uit die Suide wat hulle nie laat twyfel het nie dat die enigste weg ope om 'n einde te maak aan die miskenning van hul regte, was om christelik-nasionale skole op te rig.

3. DIE C.N.O.-SKOLE.

Soveel geloof het die Rhodesiese Opvoedingskommissie in die samewerking van alle Afrikaners ten opsigte van die goeie rog van die Afrikaanse kind in die Rhodesiese skole gehad dat, net na ds. Kotze sy eerste kollektetoer na die Unie in 1914 onderneem het, en voordat nog enige werklike steun deur die meeste van die liggame toegesê is, die Kommissie besluit het om met die stigting van C.N.O.-skole te begin. 'n Reglement van Orde is deur die Rhodosiese Opvoedingskommissie opgestel waarin die wese en doel van hul strewe met betrekking tot christelike-nasionale onderwys as volg uiteengesit is:

Onder Christelik-Nasionale skole is verstaan skole waar die onderwysers (esse) aangestel is op "voorslag" van 'n kommissie gekies deur en verteenwoordigende die ouers van skoolgaande kinders, waar godsdiensonderwys in 'n Christelike gees en gewone onderwys tot standerd IV deur medium van die huistaal gegee sou word, terwyl die tweede landstaal tot standaard IV slegs as 'n vak onderwys sou word en daarna as tweede medium aangeleer sou word.[1)]

Die Opvoedingskommissie sou verder saamgestel wees uit hoofde van die gemeentes en sou minstens eenmaal per jaar vergader wanneer dan die voorsitter 'n oorsig van die toestand van die C.N.O.- in die land sou gee, en die sekretaris 'n geldelike verslag lewer. Geldelike steun sou alleen aan christelik-nasionale skole verleen word, en dan sou rekening met die behoeftes van die ouers by so'n skool betrokke, gehou word. Alleen aan ouers wat gewillig is om "hulself te help," maar hulp van elders nodig gehad het om die onderwyser se salaris te betaal, sou toelaes geskenk word. In geen enkele geval sou die kommissie die volle salaris betaal nie, en alleen by uitsondering meer as die helfte ('n onderwyser sou ongeveer £80 en 'n onderwyseres £70 per jaar met 'n maksimum van £150 en vry losies ontvang.) Die kommissie kon verder besluit dat by so'n skool een of meer kinders van min-vermoënde ouers gratis onderwys sou ontvang.

Vryheid om na bevind van sake te handel tussen die vergaderinge is, weens die groot afstande, aan elke lid van die kommissie toegestaan, solank daar net nie 'n beginsel van die Reglement van Orde afgewyk is nie.[2)]

Hierdie reglement het getuig van die kommissie se Calvinistiese lewensopvatting waarin die verantwoordelikheid vir die onderwys van sy kind aan die deur van die ouer gelê word. Dit was baie duidelik dat waar sulke skole gestig sou word, die ouers in die gloed van hul oortuiging self hard sou moes werk om die skool

1) C.N.O.: Notule, 1919.
2) Vgl. Korrespondensie: C.N.O. 13.10.1920. (Salisbury).

aan die gang te hou.

a. In Melsetter.

Die eerste gemeente om met die staatskole te breek, was Melsetter. Gazaland met sy eg-Afrikaanse agtergrond was ook seker die vrugbaarste gebied vir die begin van die C.N.O.-beweging in Rhodesië. In 1912 al is die gedagte ge-uit dat 'n andere en betere weg ten opsigte van die opvoeding van die kinders ingeslaan moes word [1], en in 1913 het die distrik dan ook met die eerste twee C.N.O.-skole in die land begin. Die poging is met 'n mate van huiwering aangepak, veral aangesien die beweging ten gunste van C.N.Onderwys weens die landsomstandighede effens teen die einde van daardie jaar verswak het. Dog die "twee nationalen scholen, begonnen met ongeveer 20 kinderen werken uitstekend en oefenen een weldadige invloed uit op de regering," [2] het die jaarverslag gelui.

Die volgende jaar het ds. Kotze egter op sy kollektetoer gegaan en ook onderwysers probeer werf om na Rhodesië te kom, en toe het die kerkraad van Melsetter finaal met die staatskole gebreek en die twee C.N.O.-skole met nog een vermeerder. In Middel-Melsetter was daar nou 'n C.N.O.-skool, en ook in Noord-Melsetter, Tandaai, en Suid-Melsetter, (Chipinga) die prinsipaal waarvan, mnr. P.J.Cilliers, ook as inspekteur sou optree.

Intussen is in 1916 'n nuwe onderwyskommissie deur die Regering aangestel dog dié wat gehoop het dat dié kommissie die standpunt van die Afrikaanse ouer sou insien, is teleurgestel. Die voorsitter van die kommissie het 'n deputasie van die ouers te woord gestaan toe hy in Melsetter was en die besondere moeilikhede verneem. Die deputasie het by hom gekla oor die Engelse medium van onderwys en aangetoon dat dit vir die Afrikaanssprekende kinders wat in die meerderheid is, 'n ongeskikte medium is, en dat die kinders daarom sou wegbly van

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Melsetter, 1912.
2) Idem: 1913.

die staatskole. Maar volgens die kommissie was dit geen opvoedkundige probleem wat die kinders van die skole weggehou het nie. "Distances are great and transport is difficult, and these reasons may explain quite as adequately the undoubted fact that children are not attending the schools as they should."[1] Dit het weer die blindheid, wat ds. Kotze so betreur het, by die owerheid geopenbaar. Soos so dikwels in die verlede en ook daarna het hierdie onvermoë om suiwer opvoedkundig te dink, ook weer ontbreek en is die probleme van die opvoedkunde gereduseer na ekonomiese of politieke probleme.

Die redenering was, om die minste te sê, onwaar, soos geblyk het uit die vinnige vermeerdering van kinders in die C.N.O.-skole. Waar daar gedurende 1917 slegs 10-15 kinders in die publieke skool was, daar het die getalle in die C.N.O.-skole tot 70 gestyg en is nog twee C.N.O.-eenmanskole in die distrik gestig. En dit in weerwil van die feit dat die 1916-kommissie aanbeveel het dat plaasskole met minder as 10 behoue moes bly, deur 'n goewernante vir sulke skole teen een pond per kind per maand te ondersteun. Daardeur het die owerheid gemeen om die 800 kinders uit die 4289 wat nog nie op skool was nie, te bereik. Ook sou nog meer distrikslosieshuise opgerig word waarheen die kinders andersinds getrek kon word.

Hierdie sentralisaseerpoging is egter gekritiseer as 'n metode om die Afrikaanse kinders in een of meer groot koshuise saam te trek, en dan wanneer hulle eers daar is, Departmentele bepalinge op hulle toe te pas.

Teen 1916 moes die Departement dan ook wel deeglik kennis neem van die toestand wat met betrekking tot die eise van die Afrikaanse bevolking besig was om te ontwikkel. Al was dit nog net Melsetter wat aktief tot die stryd toegetree het, het hul optrede ook tot inspirasie vir die ander distrikte gedien. Dit was 'n nuwe faktor vir die Departement, die "determination of a section

1) Report: Education Commission, 1916, 7.

of the Dutch population not to accept the Government system of Education so long as it does not provide for the instruction through the medium of the mother tongue up to and including standard IV."[1) ] Die Direkteur het voorgegee dat dit 'n eis is om die instelling van tweetaligheid in Rhodesiese skole – 'n „spook" waarmee die Engelse publiek nog altyd vrees ingeboesem is. Verder was die Departement seker dat die fasiliteite wat vir die onderrig van Nederlands beskikbaar was, deur baie as bevredigend beskou is, veral as in aanmerking geneem is dat Nederlands in minstens die helfte van die 73 publieke skole onderrig is.

Maar dit was by die Gazalanders erns en hulle het nie die moed opgegee toe dit in daardie jaar met die boerdery sleg gegaan het nie: byna drie-en 'n half jaar lank kon hulle nou al meer geen bees op die mark bring nie weens die strenge ooskuskoorsregulasies.[2)] Die kerkraad met ds. Badenhorst as voorsitter het die C.N.O.-beweging in daardie dae geskraag, en die indiwiduele lede, soos J.Martin veral, het in baie gevalle die losies van kinders betaal om hulle op skool te hou.

Die Inwendige Sendingkommissie het ook in samewerking met die C.N.O.-kommissie – die Rhodesiese Opvoedingskommissie – weer die Departement in Salisbury gaan spreek, en tot die slotsom geraak dat die stryd moes voortduur.[3)]

Teen die einde van 1917 het die Departement beloof om aan die versoeke van ouers te Umtali en Salisbury gehoor te gee dat Nederlands aan die kinders wie se ouers dit verlang, geleer sou word. Weer is die opinie uitgespreek dat die ander ouers blykbaar tevrede is, maar dat Melsetter die uitsondering en „sondebok" is. Daar is sterk kritiek uitgeoefen op die sterk pogings „to establish a system of separatist schools on the basis of mother tongue instruction as practised in the Union of South Africa. This movement, supported by die Dutch Re-

1) Report: Director of Education, 1916.
2) De Burger: 23.10.1917. Notule: N.G.Kerk Melsetter, (17.12.1918.
3) Acta Synodi: 1919, 80.

formed Church, has succeeded in establishing five „National" schools which at the end of 1917 has a combined enrolment of nearly 100."[1]

In 1918 het baie ouers dan ook in die twee genoemde dorpe Umtali en Salisbury van die geleentheid om Nederlands te leer, gebruik gemaak, volgens die Departementele verslag.

Ook in ander dele het daar skynbaar 'n toegewing ten opsigte van die moedertaal van die Afrikaanse kind gekom en het die Departement hom met die ekskuus verskoon dat daar nie genoeg gekwalifiseerde onderwysers was om Nederlands te onderrig op die plaasskole nie, en dat weens dié tekort verskeie plaasskole vir 'n kwartaal of langer gesluit moes word. Dit het geblyk dat baie van die studente wat vir onderwysers in die Unie gaan studeer het, daar agtergebly het, omdat daar meer fasiliteite vir hulle was. Daarom is in 1917 begin met 'n opleidingskool vir onderwysers te Bulawayo, en sou kort daarna die „rekrutering" van onderwysers uit Engeland begin. Desnieteenstaande het die C.N.O.-skole te Melsetter „their separate existence," volgehou as was daar, volgens die Direkteur, „no sign at present of any extension of the movement, either in the Melsetter district or elsewhere."[2]

Die jaar 1918 was seker ook geen maklike jaar vir die C.N.O.-skole nie, want dit was die griepjaar en het ook die hele land geaffekteer. Uit die oogpunt van die staatskole beskou, was dit 'n jaar van „unprecedented calamity."[3] Baie reën het geval, bywoning was swak, aansteeklike siektes, skarlakenkoors en griep het die laaste kwartaal van die jaar feitlik as 'n totale verlies laat verloop. Nietemin het die skole te Melsetter gebloei, en moet teen die agtergrond van die landsomstandighede as welvarend beskryf word. Die Melsetterouers het al seerder gevoel oor die houding van die Departement, en het hulle volle gewig by die C.N.O.-be-

1) Report: Director of Education, 1917.
2) Report: Director of Education, 1918.

weging ingegooi. In Suid-Melsetter moes die staatskool waartoe die ouers op een stadium £250 op die pond-vir-pond basis bygedra het, sluit. Die gebou is aan die verwaarlosing oorgelaat totdat dit eindelik gesloop is en die materiaal gebruik is vir ander regeringsgeboue in die dorpie. Die het die Engelse inwoners baie gegrief dat al wat hulle vir hul £250 gesien het, was 'n „unsightly foundation which no one has taken the trouble to remove; and the Britishers have to paddle their children three or four times a year 40 to 60 miles, in all kinds of weather along the worst road in Rhodesia, to the only Government School in far-away Melsetter."[1)]

Terwyl dus in 1919 die C.N.O.-skool met rasse skrede daar vooruitgegaan het, weens die hulp van die Helpmekaar, die jaarlikse kongres waarvan mnr. J.Martin in die Transvaal gaan bywoon het, was hierdie eertydse skooltjie van die regering „a monument of disgrace to any Government....an unsightly mass of stones and mortar which was once a flourishing school." Uit die korrespondensie uit daardie distrik in die Engelse koerant blyk dit duidelik dat ook die Engelse gemeenskap moeg was vir die houding wat die Departement teenoor die Afrikaners ingeneem het, wat hul eie skool en koshuise in Suid-Melsetter gebou het, „which stands out as a monument of defiance in our little township." Hulle het dit betreur dat die Departement nie die staatskool aan die gang gehou het nie trots die ekskuus dat daar geen onderwysers en geen Engelse kinders in die skool was nie.....„though what the objection is to having a Dutch speaking child commence its education in its mother tongue when they go to particular trouble to have a Dutch teacher and caretaker, as in this instance, no person with a love of fairness will understand," het een brief gelui. „No person either British or Dutch, ever objected to the schoolmaster."[2)]

Dit is dus nie duidelik hoedat die Depar-

1) Rhodesia (Umtali) Advertiser: 10.5.1919.
2) Idem.

tement teen 1919 nog nie die vooruitgang, van die C.N.O.-skole kon "raaksien" nie.

In al die C.N.O.-skole is deeglike werk gemaak van die godsdiensonderwys en is verseker dat die doel van die skole nie uit die oog verloor is nie. Die kinders moes nie net opgelei word tot nut van die maatskappy nie, maar hulle moes 'n deeglike kennis opdoen van die Bybel, sodat die "weg der saligheid" hulle baie duidelik voor die oë gestel sou word. Verder was die strewe van die skole om by die kinders 'n liefde "vir die kerk van ons vadere" aan te kweek, en om spesiale aandag aan die vaderlandse geskiedenis te wy.[1)]

Hoewel die "skoolraad" en opvoedingskommissie nie oor onuitputbare bronne beskik het nie en dit soms moeilik gegaan het om die jaar sonder skuld af te sluit, is daar tog hulp verleen aan die minderbevoorregtes. Die gelde wat ingekom het, is meestal gebruik vir die aankoop en verspreiding van boeke en skoolbehoeftes, en die plaaslike opvoedingskommissie het vir die salaris voorsiening gemaak. Dit het nie altyd so vlot gegaan nie, en die onderwysers is ook nie so op die dag en datum betaal nie, maar teen 1919 kon die leraar berig dat die C.N.O.-skole in Melsetter, hulleself 'n volslae sukses getoon het. "Die skole bloei en hul invloed is heilsaam vir beide kerk en volk."[2)]

Met die gesamentlike bydraes uit die Helpmekaar en Armsorg kon in daardie jaar nog £500 aan geboue bestee word.

Teen die einde van 1919 was daar op Melsetter 26 kinders op die C.N.O.-skool met 'n prinsipaal en 'n assistente, op Chipinga, Suid-Melsetter, 36 kinders met 'n prinsipaal en assistente en op Noord-Melsetter 25 kinders ook met 'n prinsipaal en assistente. Laasgenoemde twee plekke waar £260 en £140 aan salarisse daardie jaar (1919-1920) uitbetaal is, het elkeen 'n kosinrigting aan die skool verbonde gehad.

1) Verslag: Staat van Onderwys N.G.Kerk, Melsetter, 1920.
2) Idem.

b. <u>In Umtali.</u>

Die Rhodesiese Opvoedingskommissie (C.N.O. kommissie) het al in 1917 by die stigting van die Umtali gemeente onderwyssake daar bespreek, maar eers twee jaar later is met C.N.O.-skole daar begin. In die distrik is op Odzi deur mej. M.Malan en op Headlands deur mej. E. Blake skole begin.

Na meer ondersteuning beloof is, is deur mev. Hendrik Louw ook 'n C.N.O.-skool te Umtali gestig. Aanvanklik was daar net 8 leerlinge maar teen die einde van die jaar reeds 30 met twee onderwyseresse. Die skool is eers in die C.J.V.-saal gehou, maar daar is dadelik besluit dat 'n gebou opgerig moes word. In April 1921 was daar reeds 'n prinsipaal en 'n assistente wat onderwys gegee het aan die 50 kinders in die nog onvoltooide skoolgebou wat later as pastorie sou dien.

Op die East Bedale Estate, Felixburg het mej. S.Martin die C.N.O.-skool begin, en toe die in 1922 gesluit het, is sy ook na Umtali.

Op Marandellas is ook 'n skooltjie onder leiding van mnr. P.van der Merwe begin.

c. <u>In Salisbury.</u>

In die hoofstad het dit die kerkraad nie geluk om 'n eie kerkskool of C.N.O.-skool te begin voordat uit die Helpmekaar fondse belowe is nie. Sommige ouers het egter van die toegewing van die Departement gebruik gemaak om private skole met goewernantes te begin, om sodoende te probeer om die „regering tot sy verstand te bring." Deur die besliste optrede in ander gemeentes „komt er allengs 'n bietje meer hollands en van de bijbel in de school."[1] Maar hoewel die meeste kinders, behalwe die rondtrekkende families s'n, teen 1917 onderwys op die staatskole ontvang het, het hulle „op de keper beschouwd eigenlijk geen onderwijs" ontvang nie......„Het kind dat uit de regeringscholen komt is even onbevoegd een leven te maken als dat kind dat geen onderwijs heeft ontvangen." <u>het die verslag van 1917 gelui.</u> Dit het verder gemeld:

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Salisbury, 1915.

dat tevergeefse pogings aangewend is om „Hollands" in die plaaslike skool te kry. Nou het daar vir die gemeente slegs een weg oopgebly indien hy die kinders vir volk, kerk en staat wou behou, en hulle nie langer as houtkappers en waterdraers wou laat opgroei nie, en dit was om so spoedig moontlik 'n kerkskool te stig in opposisie met die staatskole op die dorp. „Denken wij daaraan dat de schooldagen onzer kinderen met spoed voorbij snellen, dan staan wij machteloos als voor 'n onoverkomelijke berg, omdat de middellen ons ontbreken zodanig kerkschool te stichten en de tijd voorts kort is." 1)

Die agitasie van kerksweë moes nietemin ook op die Departement indruk gemaak het, want in dieselfde jaar is besluit dat Nederlands wel op die dorpskool ingevoer sou word.

Toe daar egter in 1918 bekend gemaak is dat die Helpmekaar fondse ter beskikking van skole en skoolgeboue in Rhodesië sou stel, was die C.N.O.-kommissie oortuig dat die tyd ryp was vir 'n C.N.O.-skool en 'n koshuis. Onder die bekwame leiding van ds. B.Kloppers en eerwaarde T.C.Vlok is daar 'n perseel langs die pastorie aangekoop en op 26 Februarie 1919 is die eerste Afrikaanse skool in die hoofstad van Rhodesië met 23 kosgangers en 28 dagskoliere geopen. Die getalle het al gou tot 100 vermeerder.

Die skool met 'n personeel van drie moes ongeveer £440 per jaar aan salarisse uitbetaal, terwyl die hoofsom van die geboue £1223 beloop het. Feitlik al die geld het uit die Helpmekaarfonds gekom. Dit is die Salisbury skoolkommissie, wat deur die ouers gekies is, deur die Rhodesiese Opvoedingskommissie opgedra om self te besluit oor die £3000 wat uit die Helpmekaarfonds aan die gemeente toegesê is. Al voorwaarde wat die Helpmekaarvereniging gestel het was dat die vaste eiendomme wat uit die C.N.O.-fondse aangekoop is, geleë moes wees in „centres van permanente betekenis." 2)

1) Versl.g: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Salisbury,1917.
2) Kerkbode: 23.11.1906.

Die skool, met losiesgelde van £6 per kwartaal, skoolgelde van 10/-, 12/6 en 17/6, en boeke gratis, het in 1920 in 'n bloeiende toestand verkeer, maar is met argwaan deur die owerhede bejeën.

d. <u>In Lusaka.</u>

In Noord-Rhodesië is ook geen bevrediging van die Administrateur verkry met betrekking tot Nederlands op skool nie in weerwil van die pleidooie en raadgewinge van dr. Malan. 'n Spesiale opvoedingsfonds vir Noord-Rhodesië -geadministreer deur G.B.A.Gerdener - het die N.G.lede egter in 1915 in staat gestel om met die bou van 'n skooltjie te begin. Die regering het in 1916 die kosinrigting oorgeneem en behoeftige kinders ondersteun.[1] Vir die Afrikaners was dit geen oplossing nie en hulle het dus gebruik gemaak van die Helpmekaarfonds om in 1919 met 'n C.N.O.-skool daar te begin, waar een onderwyser aan 20 kinders onderwys volgens die C.N.O.-beginsels gegee het.[2]

e. <u>In Bulawayo, Enkeldoorn, Fort Victoria.</u>

Op Bulawayo was daar geen C.N.O.-skole nie veral omdat die ouers van die Weeshuis te Daisyfield gebruik gemaak het waar die "Hollandsche taal grondig word onderwezen."[3] Verder is daar op die meeste van die buiteskole Afrikaanse onderwysers aangestel, aan wie dit te danke was dat die kinders op minstens sewe van die staatskole "in't Hollands zowel als in't Engels onderwezen worden." Die kerkraad het gedurig gehoop dat die taal en geskiedenis van die Afrikaanse kind op daardie skole tot hul reg sou kom, maar daarvoor was "godsdienstige volklievende Afrikaanse ouders en onderwijzers(essen) nodig om de erwe onzer vaderen ongeschonden aan 't nageslacht over te leveren."[3] In 8 van die verskillende wyke in die gemeente het die ouers by wyse van 'n petisie aan die Onderwysdepartement aansoek gedoen om "gelyke taal-

1) Kerkbode: 23.11.1916.
2) Sien Notule: C.N.O. Kommissie 1919 - 1920. C.N.O. Korrespondensie. (Salisbury)
3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Bulawayo, 1916.

regte op die skole, en is daar ook aan die meeste van hul versoeke voldoen.[1)]

Die kerkraad het as redes aangegee waarom daar geen „kerkskole" in die gemeente was nie, (1) dat sommige ouers nie veel aan Kerk en volk geheg was nie, en dit vir hulle nie saak gemaak het hoe en deur wie hul kinders op die skool onderwys is nie, solank hulle maar geleer is. (2) Ander weer was sterk voorstanders van moedertaalonderwys, maar kon of wou geen geldelike hulp vir die salaris van die onderwyser(es) en vir skoolmeubels verleen nie. Die gevolg was dat die ouers hul kinders na 'n eentalige staatskool gestuur het, waar op aansoek gratis onderwys gegee is, of hulle het die kinders by die huis gehou om iets met die hande te verdien. (3) Die aanloklike salaris wat die regering 'n gesertifiseerde onderwyser aangebied het kon nie uit die Rhodesiese opvoedingsfonds betaal word nie: „willen wij 't doel met de opvoeding van onze kinderen bereiken, dan moet ons fonds gestijfd worden om enigszins met die volle beurs van 't Opvoedingsdepartement te kompeteren."[2)]

Toe die Helpmekaarfonds beskikbaar was, was Bulawayo vakant en het daar die nodige leiding ontbreek. Na ds. H.R.Barrish gearriveer het, het hy hom nie vir die C.N.O.-skole beywer nie, maar 'n ander beleid van samewerking voorgestaan.

Enkeldoorn.

Dit was alleen te Enkeldoorn waar daar teen 1917 geen behoefte aan C.N.O.-skole skyn te gewees het nie. Die regering het blykbaar belowe om 'n beter skoolstelsel in te voer.......„wij hopen slechts dat wij er nog zullen zijn....zo dit eenmaal verwesenlikt wordt",[3)] het die leraar, eerw. Liebenberg geskryf. In die rapport van 1917 lui dit dat die Departement heelwat gunstiger gesind was ten opsigte van die Hollandse taal. In die „$11\frac{1}{2}$" distrikskole was daar 10 volbloed-Afrikaners as

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Bulawayo, 1917.
2) Idem.
3) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk, Enkeldoorn, 1916.

onderwysers "die volgens eigen getuigenis Hollands niet alleen volgens Goewernement Regulaties, dat is een uur per dag, geven, maar in den regel naar eigen discretie handelen, en Hollands en Engels om de beurt geven."[1) ] Daar was een geval waar die Departement self "Halleluja-boeke" en 'n Afrikaanse Kinderbybel aan die skool verskaf het. Die kerkraad het dit egter nie soseer aan die bekering van die Departement toegeskryf nie, as aan die invloed van die agitasie uit Melsetter - "het grote bolwerk, alsook hefboom in onzen stryd tegen de Imperialistiese geest van ons Regering." Die groot taak in die Enkeldoorn-distrik was om die ouer opgevoed te kry om, soos in Melsetter, "'n besliste front" te vorm, terwyl die staat intussen voortgaan om aan die 220 "Hollands-sprekende" kinders in die gemeente teen 'n koste van ruim £3200 onderwys te verskaf - in weerwil van die feit dat "door dwang van omstandigheden een uur Hollands per dag toegelaten wordt,"[2)] was die kerkraad se beskouing.

Eerw. Liebenberg was dus "tevrede";en hoewel op die dorp 'n "Helpmekaarvereniging" gestig is, het hy dit nie nodig geag om hom vir C.N.O.-skole te beywer nie. Dit was egter nie uit gebrek aan oortuiging nie. Later skryf hy toe hy van antipatie teen die C.N.O. beweging beskuldig is: "mijn schijnbaar niet meewerking met andere gemeenten was niet te wijten aan blote stijfhoofdigheid, noch minder aan min belangstelling. Doch, zo vraag ik tans: gezeg eens dat Enkeldoorn zo ijverig of mischien meer zo was, als Melsetter, van waar moest of zou het geld komen om de waggelende posities in de overige gemeenten te redden."[3)] Hy het gereken dat die plus minus £1000 wat deur ds. Kotze gekollekteer is, tesame met die £7500 van die Helpmekaar, daar net genoeg geld was om te red wat moes gered word, en dat die posisie baie erger sou gewees het as Enkeldoorn met sy "twee dosyn" skole ook tot die stryd toegetree het. Hy het in

1) Verslag: Staat van Onderwys, N.G.Kerk Enkeldoorn,1917.
2) Idem.
3) Brief 28.6.1919.(C.N.O.Argief, Salisbury.)

ieder geval gemeen dat die „posisie" nog lank nie gered was nie.

Fort Victoria.

In Augustus 1920 het eerw. A.A.Louw gesê dat hy gereed was om ondersteuning aan 'n C.N.O.-skool te Fort Victoria te gee, en die Rhodesiese Opvoedingskommissie het hom baie bedank vir die belangstelling wat hy nog steeds in die arm kinders van Fort Victoria getoon het. Besonderhede insake die stigting en onderhouding van C. N.O.-skole is aan hom gestuur,[1)] maar tot die werklike opening van 'n skool het dit in daardie distrik nie gekom nie.

4. ALGEMENE ADMINISTRASIE VAN DIE C.N.O.-SKOLE.

Soos reeds gesê, het die Rhodesiese Opvoedingskommissie volle verantwoordelikheid vir die administrasie van skole gelaat in die hande van die skoolkomitees wat deur die ouers gekies is, terwyl die kommissie self oor die uitbetaling van fondse beskik het.

Op die eerste vergadering van die nuwe Ring van Bulawayo wat in 1919 te Kaapstad gehou is, is 'n nuwe bestuur van die Rhodesiese Opvoedingskommissie gekies en by hulle het die verantwoordelikheid berus om die fondse van die Helpmekaar te administreer. Hul eerste stap was om die geboue wat met geld van die Helpmekaar opgerig is, te registreer. Alle eiendomme met geboue, gekoop of opgerig met behulp van die Helpmekaar gelde in Rhodesië, sou op die naam van die Trustees van die Helpmekaar Vereniging van die Kaapprovinsie geregistreer wees ten behoewe van die Christelike-Nasionale Onderwys in Rhodesië solank die Christelik-Nasionale Opvoedingkommissie die geboue in orde gehou, die belastings daarop betaal, en die geboue vir Christelik-Nasionale doeleindes gebruik het. Wanneer die C.N.O.-skole sou ophou om te bestaan of die gemelde opvoedingskommissie in gebreke sou bly om al die geboue of enige daarvan vir C.N.O.-doeleindes te gebruik, sou die trustees die reg

1) Brief: 13.10.1920. (C.N.O. Argief Salisbury.)

hê om die gebou te verkoop, en die opbrengs daarvan te verdeel onder die Helpmekaarverenigings wat bygedra het tot die boufonds pro rata hul bydraes.[1] Die trustees vir hierdie geboue was dr. D.F.Malan, Wessel Roux, Paul Roux en Tobias Louw.

Dit moet dan ook tot eer van die Rhodesiese Opvoedingskommissie gesê word dat die erwe wat aangekoop is, baie sentraal en strategies geleë was, en hul waarde binne enkele jare verdubbel het.

Die Kommissie het verder die leerplan opgestel wat op die Kaapse model gefundeer is. Teen 1921 het die Kommissie 9 skole in die land gehad met 250 leerlinge, sodat die eintlike werk van die Kommissie toe die hoogtepunt bereik het. Daar moes persoonlik kennis gedra word van die onderwysers wat aangestel is, daar was baie verskuiwings en dit het soms moeilik gegaan om altyd genoeg onderwysers(esse) te kry. Die Kommissie wou hulle bind aan die bepaling dat daar 25 leerlinge vir 1 onderwyser 50 vir 2 en 75 vir 3 onderwysers moes wees. Dit verklaar waarom van die kleiner skooltjies gesluit moes word toe die getalle verminder het.

Prof. J.Pauw van die Kaap het gekom om die werk van die skole te inspekteer en in die meeste gevalle was sy rapport gunstig.

Die manne wat veral die leiding geneem het in die beheer van die C.N.O.-skole teen 1920, was ds. W.C.Malan van Umtali, ds. B.J.Kloppers van Salisbury en eerw. T.C.Vlok ook van Salisbury.

## 5. DIE EINDE VAN DIE C.N.O.-SKOLE.

### a. Die Begin van die Moeilikhede.

Soos gewoonlik met so'n beweging die geval is waar die koste deur liefdadigheidsinrigtinge gedra of aangevul word, het ook in Rhodesië die verskynsel hom geopenbaar dat daardie fondse nie jaar-in en jaar-uit kon volgehou word nie. Na die geld van die Helpmekaar begin instroom het, is die meeste daarvan in geboue belê, met

1) Korrespondensie: Helpmekaar Vereniging Kaap, 14.6.1920. (C.N.O.Argief, Salisbury.)

die gevolg dat geld om die onderwysers te betaal, begin skaars raak het. Maar dit kon die kommissies ook nie kwalik geneem word nie. Hulle wou graag goeie geboue hê wat goed sou kon vergelyk met skole van dieselfde gehalte van die Regering en daar moet gesê word dat gesien in die lig van die omstandighede, hulle hul goed van hul taak gekwyt het. Melsetter het £500-750, Umtali £1300, Lusaka £600 en Salisbury £1400 in sulke geboue belê. Afgesien van die boeke wat gratis was, is aan onderwysers en matrone in die jaar 1919-1920 £500 te Salisbury, Melsetter £650, Umtali £400 en Lusaka £180 uitbetaal. Wanneer al die skoolbehoeftes en uitrusting en ander lopende uitgawes in aanmerking geneem word, moet dit duidelik wees dat die skole uit die Helpmekaar geld nie na 1920 kon bly bestaan nie. Salisbury veral wou baie graag uitbrei en daar was in 1921 nog minstens een onderwyser nodig.

£2600 was die som wat in daardie jaar vir onderwyserssalarisse in die hele land nodig was, maar aangesien soveel in geboue belê moes word, was dit veral op dié gebied waar die geld die eerste agterstallig geraak het. Dikwels moes die leraar self in die bresse spring en van sy eie salaris voorskiet, of so nie moes hulle leen. J.Martin te Melsetter het nog steeds 'n groot deel van die geldelike verpligtinge op hom geneem - al het dit hom byna verarm. Onder die salige indruk egter dat die geld nog weer sal inkom, het daardie dorpie 'n addisionele bouprogram van £200 onderneem.

Intussen het briewe by die hoofbestuur van die Rhodesiese Opvoedingskommissie, begin instroom vragende om geld vir agterstallige salarisse.

'n Kollektetoer is deur ds. W.C.Malan onderneem, maar dit het feitlik op 'n mislukking uitgeloop, en die verwagte geld is nie ingesamel nie. Dit het geblyk dat die "bronne in die Suide aan opdroë" was.

Nog 'n moeilikheid was dat daar te Salisbury nie persone was wat die werk kon organiseer nie.

"Salisbury heeft geen mannen voor eene werkende en uitvoerende school-commissie; die hier zijn, dreigen te bedanken, en zijn met paar uitsonderingen mannen die in dienst zijn by anderen, en hebben geen tijd voor deze taak die veel tijd eist. Uit het district is het onmogelijk ze bij elkaar te krijgen," het eerw. Vlok gekla.[1] Die skoolkommissie daar was teen enige verdere skuldmaking, wat dus daarop neergekom het dat indien die gelde die volgende jaar nie sou opdaag nie, die skool gesluit sou moes word. Die ander alternatief was dat ander skole in die land sou sluit, en dat met die inkomende geld Salisbury in .. stand gehou sou word, totdat die Regering definitief van sienswyse sou verander. Gebeur dit, dan kon met die Departement 'n kompromis aangegaan word, en die geld gebruik word om die behoeftiges te help. So nie kon die kinders in die C.N.O.-koshuis bly, terwyl hulle die staatskole bywoon; of die inrigting kon ook aan die Regering verhuur word.

'n Ander dooiepunt is ook in die skoolorganisasies te Salisbury bereik toe daar geblyk het dat daar nie alleen gebrek aan geld was nie, maar ook gebrek aan geskikte aansoekers om die onderwysposte. Ds. W.C. Malan, die voorsitter van die C.N.O.kommissie, wou nie onderwysers aanneem wat nie "beslis christelik in wandel en nasionaal in oortuiging" was nie, want waar die een ontbreek, beteken die ander nie veel nie, het hy gemeen.[2]

Die Opvoedingskommissie het dan ook met tal van briewe die toestande ten opsigte van die C.N.O.-skole in die nuusblaaie en die Kerkbode gepubliseer, waarin aangetoon is dat die skole gesluit sou moes word indien die geld nie verkry kon word nie.[3] Intussen, omdat daar niemand was wat as sekuriteit wou taken vir geld wat geleen moes word nie, het Salisbury C.N.O.-kommissie geld op die geboue geleen, en was hy verplig om aan te kondig dat die skool die volgende jaar nie hervat kon word nie.

1) Notule: C.N.O.- (Helpmekaar) Skool, Salisbury, 3.12.21.
2) Idem.
3) Sien Kerkbode 1921, 1147, 1117, 1232.

b. Laaste Pogings.

Toe die besluit van die Salisbury-kommissie bekend gemaak is, was die reaksie van alle kante baie hewig. Die Hoofbestuur het dié Kommissie daarop gewys dat hulle (laasgenoemde) nie die reg het om sonder goedkeuring van die Hoofbestuur 'n skool te sluit nie, veral aangesien die Hoofbestuur gevoel het dat die skool in Salisbury solank moontlik staande moes bly omdat wat in daardie stad gebeur, 'n groot invloed op die res van die land sou uitoefen.

Toe die nuus van die voorgenome sluiting die oudleraars van die land en die ander inrigtinge en private persone wat simpatiek teenoor die C.N.O.beweging in Rhodesië gestaan het, bereik het, is 'n byna koorsagtige belangstelling aan die dag gelê om so'n stap te probeer verhoed. Tal van briewe, telegramme en beloftes het die skoolkommissie bereik. So telegrafeer ds. Klopper, eertydse voorsitter van die Rhodesiese Opvoedingskommissie: „Moet skool in Godsnaam niet sluit. Stuur dadelik £50, verwag aanstaande week meer,"; en een vereniging uit die Suide „Hoop school is niet gesloten, bezig te organiseer;" 'n ander: „Trap vas C.N.O. Kapituleer in geen omstandigheden." Uit alle oorde is bydraes opgestuur: die Natalse Christelijke Vrouevereniging byvoorbeeld £5, Natalse Helpmekaar £3, N.G.Kerk Colesberg £10, en tal van bedraggies van skoolkinders en indiwidue, van die kerkkantore en sendingstasies.[1)]

Ds. W.C.Malan het intussen ook voorgestel, en dit is op die Bulawayo Ringsvergadering bespreek, dat planne oorweeg moes word om die hele C.N.O.-skoolwese in Rhodesië aan die sinode oor te dra om dit as 'n bepaalde werk van die Kerk op te neem, en dit te stoun op dieselfde basis as die Buitelandse Sending. Dit was vir die Ring duidelik dat die skole gedreig het om tot stilstand te kom omdat die hulp uit die Kaapprovinsie nie voldoende was nie, en dit weer op sy beurt miskien toe te skry-

1) Vgl. C.N.O.Skool Korrespondensie (Salisbury) 1920-22 (18.10.1921.)

we was aan die feit dat die C.N.O. in Rhodesië nie 'n onderneming van die N.G.Kerk as sodanig was nie.

Ds. B.Hattingh, sekretaris van die Transvaalse Helpmekaar, het geprobeer om weer die samewerking van die ander Helpmekaartakke te kry. „Dit is vir my 'n ondraaglike gedagte om somar so aan die imperialiste te „Hands Up"......nou probeer ek die saak op 'n vaste basis te kry, sodat die kommer vir die toekoms verby kan wees," het hy die Rhodesiërs bemoedig.[1] Benewens die indiwiduele takke se bydraes het die Vrystaatse Helpmekaar toe dadelik £221, die Kaapse £350 en die Sentrale kas £100 toegestem, terwyl 'n beroep gedoen is op alle takke om bydraes van hoogstens £5 en nie minder as £1 elk „tot steun van die C.N.O. in Rhodesië so spoedig moontlik.... te stuur......om die stryd vir die voortbestaan van ons eie taal en kultuur aldaar met sukses voort te sit."[2]

Ds. Hattingh het verder geskryf dat die skool nie somar so moes sluit nie, want die Direkteur van Onderwys was gewillig om 'n ooreenkoms met die C.N.O.-kommissie te bespreek, „en as julle niks anders later kan doen, stel hom dan voor dat julle in soverre onder omstandighede aan die wet sal voldoen dat julle kinders deur middel van Engels geïnspekteer word. As julle in die rigting verplig word om te handel en julle wil hulp hê, dan sal ek gereed wees om so 'n voorstel van my kant as bemiddelaar te maak aan hom en julle." Ook die Kaapse Moderator, ds. D.S.Botha, het geskryf dat hy nie graag die „liewe Broeders in Rhodesië die met zulke edele bedoelingen en met zoo veel opofferingen en geesdrift voor deze scholen werken," in hul werk wou hinder nie. Maar hy moes eerlik erken dat hy nie kon sien hoe hulle die stryd gaan volhou nie, omdat die geld ontbreek en al die „Hollandssprekendes" nie saamwerk nie. „Wat ik doen zou als ik in uwe plaats ware....weet ik niet. Ik, dink echter dat ik nog een poging zou aanwenden by het opvoedingsdepartement en by die regering om billijke behande-

1) Vgl. C.N.O.Skool Korrespondensie (Salisbury) 1920-1922 (18.10.1921.)

2) Vgl. Die Burger, 6.10.1921.

ling wat de rechten van onze taal en godsdienst aangaat en wat de aanstelling van onderwijzers betreft."

Eerw. Vlok en ds. Hatting het dan ook by wyse van 'n deputasie in 1921 die Regering genader met die oog op (1) gelyke taalregte; (2) skoolkommissies gekies deur die ouers, (3) Bybelgeskiedenis as vak (4) oorname van die C.N.Onderwysers deur die Departement. (5) of as alternatief, indien bogenoemde nie toegestaan kon word nie, die versoek dat die regering die C.N.O.skole sou subsidieer soos die Roomse en Anglikaanse skole.

Uit die aard van die saak het die deputasie die weg van alle vorige deputasies opgegaan. Die Regering het tevrede gevoel dat "an examination of the Educational facilities afforded by the administration of this territory would fail to reveal any grounds for complaints embodied in the resolution."[1)]

Die hele saak is weer aan die Kaapse Armsorgkommissie voorgelê waaruit al die jare stelselmatige bydraes vir die C.N.O.- gevloei het, maar ook daardie bron het "opgedroog." "Ek is lid van die Sinodale Armsorgkommissie en kom laaste week van 'n vergadering te Robertson,, waar ons die C.N.O. in Rhodesië ernstig bespreek en oorweeg het. Ons het besluit om uit die kas £200 te stuur as 'n laaste versending om met die agterstallige salarisse te help. Ons raad is dat net een paar C.N.O.-skole aan die gang gehou word als een blywende protest, maar dat die ander sal moet kapituleer onder voorwaardes van die Engelse. Dit is 'n bitter kelk, maar ons dra die oortuiging dat die stryd wegens gebrek aan fondse nie kon volgehou word nie."[2)]

Hierdie besluit om net 'n paar skole aan die gang te hou, is ook deur eerw. Vlok bepleit omdat hy gevoel het dat die beweging te "swaarlywig" en bo die drakragte van Rhodesië en die suide sou word. Die waggelende toestand van die beweging was nie soseer die foute van die skoolkommissies nie, en dit sou ook nie help om

1) Report: Direction of Education, 1921.
2) Brief van ds. P.Alheit aan S.Maritz, Salisbury 19.10.1921. (C.N.O. Argief.)

op die „drom van patriotisme" te bly slaan nie, aangesien die ekonomiese wêreldtoestande aan die wortel van die kwaad gelê het, het hy gemeen.

Daar is toe besluit om die hoofskole te Melsetter, Umtali en Salisbury nog 'n jaar lank aan die gang te hou. Uit die geld wat ingekom het, moes die oortrokke rekeninge, agterstallige salarisse van onderwysers ens. betaal word. Hoewel die kas leeg was en die toekoms gladnie rooskleurig nie, het die skole derhalwe in Januarie 1922 nogmaals heropen.

c. Kapitulasie van die C.N.O.-Skole.

Die nuwe vlaag van entoesiasme het slegs die laaste paar maande van die C.N.O.-beweging vooraf-gegaan. Die plaaslike skoolkomitees was nie bereid om langer so te sukkel nie. Ds. A.B.Wessels het al amper in Melsetter in die tronk beland omdat hy nie £200 agterstallige gelde kon betaal nie.[1] „Wat kan ernstiger worden?" skryf eerw. Vlok aan die A.C.V.V.Hoofbestuur. „En de uitwerking op ons gemoed die verantwoordelik zijn. 'Tis neerdrukkend, en de massas van werkzaamheden die beroep maken op onze krachten, en waarvoor wij in een hooge mate verantwoordelijk zijn jegens God en onze trouwe en brave ondersteuners - toestanden die hoge attensie, medewerking en krachten eisen."[2]

Salisbury het intussen vakant geraak en eerw. en mevr. Vlok moes alleen alle verantwoordelikheid dra. Eindelik het ds. A.J.Olivier as leraar aangekom. Sowel di. Barrish as Olivier het taamlik objektief teenoor die C.N.O.-beweging gestaan. Ds. Barrish het gemeen dat die C.N.O.-skole te Melsetter moes sluit en dat aansoek gedoen moes word om „Goewermentsskole soos bv. in die buitewyke van Bulawayo wat in elke opsig met ons C.N.O.-skole ooreenkom."[3] Daar moes net op Salisbury en Umtali gekonsentreer word. Ds. Barrish se beleid was „om met die hoofde van die departemente vriende te maak

1) Brief van ds. A.B.Wessels aan mevr. Vlok 8.10.1921. (C.N.O.Argief).
2) Vlok aan A.C.V.V. 13.10.1921. (C.N.O.Argief).
3) Verklaring ds. H.Barrish, 12.10.1924. (C.N.O.Argief.)

om langs hierdie weë ons mense in Rhodesië te hulp te kom met hulle probleme. As sekretaris en tesourier van die C.N.O.-beweging in Rhodesië sou ek stellig dikwels in botsing met die regering gekom het, maar dit het nie eenmaal gebeur nie. Mnr. Foggin, die direkteur van onderwys, was my vriend. Hy het my die reg gegee om alle vakatures in my distrik aan te vul met sy goedkeuring en ook toegelaat dat in ons distrik Bybelgeskiedenis op die buiteskole gedurende die eerste half-uur gedoseer sou word, terwyl Afrikaans en Engels op gelyke voet gestel is. Die gevolg was....Bulawayo het alles gekry waarvoor ons in ander distrikte moes veg."[1)]

Ds. Olivier het die saak nog verder gevoer en wou die "kwynende en treurige toestand" nie langer duld nie. "Vir ons kerk en volk het hulle nie tot eer gestrek nie. Al dadelik het ek tot die besef gekom dat daardie toestand nie langer so kon voortduur nie, hoe goed en ernstig die voorstanders dit ook met daardie skole bedoel het. Feitlik was hulle 'n struikelblok vir ons kinders in hulle voorbereiding vir hulle latere werksaamhede.....dus het ek van die standpunt uitgegaan dat ons in 'n land wat deur Britte geregeer word, woon, en dat ons nie van hulle kan eis wat ons wil hê nie, en nie vir hulle kon gebied wat ons verlang nie, al het Afrikaners hulle bloed gegee om daardie land bewoonbaar te maak. In die eerste plek was ons daar om die evangelie te verkondig en nie om gedurig met die Regering van die land stryd te voer oor taalregte nie. Die Afrikaner in daardie land het die skole nie in stand kon hou nie, en dit was vernederend om gedurig manne na die suide te stuur om geld te bedel vir die instandhouding van die skole, asook vir die bearbeiding van gemeentes."[2)]

Op die vergadering van die C.N.O.-Bestuur wat hy te Umtali bygewoon het in 1922, het hy die posisie voorgehou, en voorgestel dat die skole gesluit moes word. Met die leraars dus van Salisbury, Enkeldoorn en Bulawayo

1) Verklaring ds. H.Barrish, 12.10.1924. (C.N.O.Argief.)
2) Verklaring ds. A.J.Olivier, 21.2.1945. (C.N.O.Argief.)

teen die verdere voortgang van die C.N.O.-beweging, moes die hoofbestuur besluit om die werk te staak. In September 1922 is 'n nuwe hoofbestuur, di. W.C.Malan, A.B.Wessels, eerw. T.C.Vlok, mnre. J.L.Martin en P.J.Cilliers saamgestel, waarna op voorstel van Malan-Vlok besluit is: Dat die C.N.O.-kommissie weer as 'n beweging met die Regering onderhandel ré die oorname van al ons skole op die volgende voorwaardes: (1) die erkenning van ons taalregte, (2) die erkenning van ons godsdiens, (3) die erkenning van die reg van ouers om skoolkommissies te kies, (4) en ook die reg om onderwysers te benoem; (5) die oorname van die onderwyspersoneel; (6) die erkenning van bogenoemde regte by regeringsverandering.[1)]

Tot kommissie om met die regering te onderhandel, is di. Malan, Wessels en mnr. P.J.Cilliers, (hoof van die C.N.O.-skool Umtali) benoem. Op 21 September 1922 het hulle die verteenwoordiger van die departement van Onderwys op Umtali ontmoet en die voorwaardes is deur die verteenwoordiger (mnr. R.Condy) na langdurige bespreking aangeneem om aan die Direkteur van Onderwys ter goedkeuring voor te lê.

Enige dae later het die kommissie met mnr. P.Foggin, Direkteur van Onderwys op Salisbury verder die voorwaardes bespreek, en hulle is so aangeneem behalwe 3 (en 4) wat net op buiteskole betrekking sou hê.[2)]

So het na byna tien jaar van stryd die C.N.O.-skole in die regeringskole opgegaan.

Wanneer daar dus aan die redes van die kapitulasie gedink word, kom veral die volgende duidelik na vore. (1) Die fondse plaaslik was onvoldoende - (2) Die fondse uit die Suide kon nie onophoudelik instroom nie. (3) Die Afrikaners in die land was verdeeld, en het nie saamgewerk nie. Middelklas en welgestelde ouers het nie hulle kinders na die C.N.O.-skole gestuur nie, sodat juis baie behoeftiges vir wie dan nog gesorg moes word, daar aangetref is.[3)] (4) Die gemeentes het nie saamgetrek

1) C.N.O. Notule, 20.9.1922.
2) Verklaring P.J.Celliers, 16.5.1941. (C.N.O.Argief).
3) Die Burger; 22.4.1922.

nie.[1] (5) Van die vooraanstaande Afrikaners het in die Departement se "School Advisory Board" sitting gehad en wou nie die regering teëgaan nie - Dit was veral die geval te Enkeldoorn en Umtali waarvandaan protes teen die propaganda van ds. W.C.Malan in belang van die C.N.O.-skole uitgegaan.[2] (6) Van die leiers het mekaar beskuldig: So het ds. Klopper gemeen dat ds. Malan geld verkwis het te Umtali: Olivier en Vlok weer het gemeen dat ds. Klopper in stryd met die regulasies van die C.N.O. gehandel het veral ten opsigte van die losiesinrigting te Salisbury. Liebenberg het gemeen dat hy "uit die sinagoge gesit is." (7) Die organisasie was te veeleisend vir die "deeltydse" aandag en werkers. (8) Die plaaslike masjinerie het ontbreek. (9) Die Reglement van Orde was nie spesifiek genoeg nie, met die gevolg dat (10) elke skooltjie sy eie gang gegaan het, volgens verklaring van prof. Pauw wat die skole geinspekteer het. Hy het die gebrek aan samehorigheid en sentrale optrede betreurenswaardig gevind.(11) Die oorspronklike organiseerders en voorstanders het almal die land verlaat en die nuwe leraars wou hulle nie met die idee van 'n sukkelbestaan van die skole vereenselwig nie.

6. UITWERKING VAN DIE C.N.O.-BEWEGING.

a. Op die Departement van Onderwys.

Soos aangetoon, het die Direkteur die moeilikhede en stryd van die Afrikaner-ouer probeer oplos deur toe te gee dat die moedertaal geëerbiedig moes word. In hoeverre die erkenning daarvan egter in die praktyk toegepas sou word, moes aan die jare wat voorgelê het, oorgelaat word. Maar terwyl die stryd nog aan die gang was, is die werklike moedertaal van die Afrikaners, ook in Rhodesië erken en het die byna onsmaaklike term "Dutch" gaandeweg uit die besprekinge verdwyn om plek te maak vir "Afrikaans". Dit sou dan ook die taal wees wat deur die Departement erken is en wat in 1924 as

1) C.N.O.-Notule: 16.11.1917.
2) Sien in die verband: Die Kerkbode: 16.3.1922;26.4.1922
Die Bürger, 22.4.1922; 25.4.1922.

opsionele vak in die Regulasies van die skole aangegee is. Met die geboorte van 'n eie taal sou die Afrikaners 'n nuwe en meer oortuigende beleid in die toekoms kon volg. Al is Afrikaans nie as medium ingevoer nie en al het die toestand in 'n groot mate nog net soos voor 1922 voortgeduur, was Afrikaans nou 'n faktor waarmee rekening gehou moes word. "In the case of the Dutchspeaking child, it is desirable that he should be taught Afrikaans, his mother tongue, from the day when he enters school."[1] Dit was 'n groot vordering op die jare toe daar geen woord van die Moedertaal in die leerplan voorgekom het nie. Die Direkteur van Onderwys het selfs so-ver gegaan om 'n leerplan vir Afrikaans op te stel wat op plaasskole en dorpskole gebruik sou kon word. Dit was slegs 'n kwessie van die houding van die hoof teenoor Afrikaans wat sou bepaal of daardie taal tot sy reg sou kom. Van Departementsweë is Afrikaans dus as vak en medium in die laerskool erken, en in die middelbare skool het Afrikaans as vak 'n plek naas Frans in die eksamenrooster gekry.

Maar die C.N.O.-stryd het nie net Afrikaans as vak tot sy reg laat kom nie, dit het die Departement ook die noodsaaklikheid van 'n beter godsdiensonderwys op skole laat insien. Daarom is in die Onderwysregulasies van 1924 nie alleen 'n uitgewerkte leerplan vir godsdiensonderwys op skool ingevoeg nie, maar ook, benewens die bepaling dat Engels die onderwysmedium in al die ander vakke sou bly, die erkenning van owerheidsweë dat godsdiensonderwys ook deur medium Afrikaans gegee kon word in daardie skole "where this would be more acceptable to the parents in general than the alternative system of giving the instruction through the English medium."[2]

Dit het immers gelyk of die Afrikaner aan die begin van groot dinge gekom het. Die christelik-na-

1) Educ. Dept. of S.Rhod: Regul. and Courses, 1924,73-75.
2) Education Department: Regulations and Courses, 1924: 11.

sionale onderwysbeweging was nie tevergeefs nie.

b. Op die Afrikaner en sy Kerk.

Die N.G.Kerk het hom vereenselwig met en die leiding geneem in die C.N.O.-beweging in Rhodesië, omdat dit vir die Kerk slegs 'n voorsetting was van die stryd van die "kerkskole." Die beginsels was dieselfde, hoewel die nasionale aspek meer op die voorgrond getree het. Daar was ander weë wat die Kerk kon ingeslaan het. Hy kon die breëre humanistise rigting volg en by die Anglikaanse lewensbeskouing aangesluit het sodat daarmee die Kerk as nasionale simbool van die Afrikaner vervaag het. Dan sou die Kerk as instelling daardie deel van die Afrikaners wat die "groot bewonderaars was van die onbeskryflike weldade en onnoembare seëninge wat die onderwys op die regeringskole ons volk aanbied,"[1] kon volg en aansluit by die "broadminded Africanders" by wie almal "narrowminded" is wat iets.....durf voorstaan wat 'n eie Suid-Afrikaanse kleur en geur versprei."[2] Maar of so'n kerk werklik die leiding sou kon neem in die handhawing van die Calvinistiese beginsels wat aan die Kerk en volk eie is, val sterk te betwyfel. Die geskiedenis van die Afrikaanse Kerk getuig dat 'n kompromis-houding homself nog altyd "gewreek" het, en buitendien het die Afrikaanse Kerk teen 1920 al ver genoeg ontwikkel om te besef dat dit sy dure roeping is om die Afrikaanse volk en ideale en geen ander volk of vreemde ideale nie, te verteenwoordig. Teen wil en dank dus moes die Kerk sy volle steun aan die C.N.O.-beweging gee, en in weerwil van die beskouinge van ds. Barrish sou die Kerk, as daar net nog maar fondse beskikbaar was, voortgegaan het om die beweging te ondersteun en te dra .

Maar die Kerk het nog 'n ander moontlike weg tot sy beskikking gehad, soos ds. Olivier aangetoon het. Die N.G.Kerk kon hom onttrek het aan die opvoedkundige en nasionale sake, en hom, verhewe bo die nasionale, enkel aan die evangelisasie van die blankes gewy

1) Die Burger: 22.4.1922.
2) Idem.

het. Dit was die uitgangspunt wat die sending ten opsigte van die inboorling gehuldig het.....maar ook meer bepaald met die Afrikaanse sending, want, soos aangetoon, het die sending van die ander kerke uit die blanke gemeenskap uit na die naturelle gewerk. Die vraag was dan net hoe lank die N.G.Kerk nog genoeg lidmate sou gehad het om as 'n aparte volkskerk te bly voortbestaan - in Rhodesië altans. Die gevaar was nie uitgesluit dat die kerk 'n „Dutch Reformed Church" sou word waarvan die voertaal Engels sou moes wees nie. Alreeds was daar diegene, „wat te kenne gee dat hulle tot ons kerk behoort en die kerk so lief het, dat hulle liewers gebruik maak van een of ander Engelse kerk as van hulle eie."[1) ] „De korn van de hele zaak waarmede gansch Rhodesia zich thans bezig houdt, hebben wij hier: de overgroote meerderheid der kinderen verstaan den Bijbel van vader en moeder niet, zij volgen de preek niet, en zij zijn onthuis in de Zondagschool! De bloei en 't voortbestaan van onze kerk aldaar zijn dus ook hiermee gemoeid,"[2)] het ds. P.Meiring die situasie opgesom.

In hierdie stryd dus was die leraars die enigste persone wat die leiding kon neem. Ander „groot geeste," ekonome, staatsmanne, filosowe en kultuurleiers by wie die Calvinisme ingeslaan was en wat met gesag kon praat, was daar eenvoudig nie in die land nie, en al was daar, kon hulle nie namens enige gesaghebbende liggaam anders as die N.G.Kerk optree nie.

Die N.G.Kerk was dus heeltemal geregverdig in sy optrede - toe en ook daarna.

Die Ring van Bulawayo het verder by die Trustees van die Beitbeurse aanbeveel dat Afrikaans in die plek van Frans gedoseer moes word, dog die Departement wou nie Frans uitskakel nie, en albei is erken vir beursdoeleindes. Die Ring het hom ook verblyd verklaar oor die Onderwysdepartement se voorneme om Afrikaans as

1) Die Burger: 22.4.1922.
2) Kotze: Rhodesië, Voorwoord.

taal op skole te laat doseer en het ook sy ingenomenheid met die voorgestelde regulasies vir godsdiensonderwys te kenne gegee. Die Ring het die Departement ook versoek dat die voorsitter van die kerkraad geraadpleeg moes word by die aanstelling van onderwysers.1) Die C.N.O.-beweging kon dus nie anders as om die Kerk 'n mate van vertroue te gee wat hy anders moeilik in die vreemde sou bekom nie. En dit veral waar die N.G.Kerk in Rhodesië so pas in 1919 tot 'n onafhanklike Ring gekonstitueer is. Die C.N.O. was die eerste toets wat die Ring moes deurstaan en waar hy sy werklike beleid en oortuiging getoon het.

Dit was daarom ook geen moeilike saak vir die Trustees van die Helmekaargeboue in Rhodesië om te besluit dat die geboue wel deur die Ring beheer kon word, wat weer op sy beurt die geboue aan die sorg van die kerkrade oorgelaat het nie. Die kerkrade het die geboue gekoop en so het Salisbury N.G.Kerk die waardevolle „Broadway House"-persele en Umtali die pastorie bekom. Die terreine staan vandag as hoekbakens van die pogings wat Afrikaners dwarsdeur Suidelike Afrika aangewend het om die volkseie te bewaar. Hulle dien ook tot geringe vergoedinge van en oortref baie ver in waarde vandag die £12,850 wat die Afrikaners as bydraes vir die C.N.O. in Rhodesië gestort het, en waarteenoor die N.G.Kerk sy dankbaarheid keer op keer uitgespreek het: Dankbaarheid enersyds „jegens de God der Vaderen" wat sulke verenigingе soos die Helpmekaar, byvoorbeeld gebruik het „ter voorkoming van een ernstige volksramp," en die verwagting andersyds „dat deze beweging als liefdadigheidslichaam zal blijven voortbestaan en zal ontwikkel tot een machtige factor ter oplossing van brandende volksproblemen op het gebied van het armenblankendom en een krachtige middel zal worden bevonden ter herstelling van 't gewenschte eenheid en ter bevordering van een hartelijke samenwerking onder het Afrikanervolk op elk gebied." 2)

1) ~~Kerkbode: 9.23.1867.~~
2) Notule Ring van Die Du Toitspan, 1918.

Dit ly geen twyfel dat die C.N.O.-beweging juis daardie eenheid in Rhodesië onder die Afrikaners bewerkstellig het wat deur omstandighede nog altyd ondermyn of vertraag is nie. Dié beweging het ook die Afrikaner sy persoonlike en nasionale selfrespek laat behou en hom nie alleen plaaslik nie maar „van die Kaap tot oor die Sambesie" in 'n hegter volks-en kerkverband saamgesnoer. Inmiddels het ook baie ander Afrikaanse kultuur-en kerklike liggame bekend geraak met die besondere probleme van die Afrikaner in Rhodesië en het die morele steun aangewas.

7. SAMEVATTING EN SLOT.

Die christelik-nasionale onderwysbeweging wat 'n besondere uiting is van die Calvinistiese geloofsbelydenis, het in die Kolonies van Suid-Afrika na die Engelse Goudoorlog (1899-1902) die magtigste bolwerk gevorm teen die verengelsingsbeleid van die owerheid en in belang van die selfstandigwording van die Afrikanervolk. Dit het juis die „Calvinistic Tammany" wat Milner wou vernietig, in sy suiwerste getoon. Dit het die Afrikaner volks- en kerkbewus gemaak soos geen ander beweging voor daardie tyd nie. En toe die periode van nasionale-ontwaking ook in 1912 en 1913 na Rhodesië uitgebrei het, was dit maar net natuurlik dat die Afrikaner deur 'n soortgelyke beweging sou probeer verky wat in die suidelike provinsies bereik is. Ook in Rhodesië was daar 'n stelselmatige verdringing van die Afrikaner se taal, regte en pligte ten opsigte van die onderwys. Hy was ontevrede oor die verwaarlosing van die moedertaal en die godsdiensonderwys op skole, en hy is gedwarsboom deur 'n onsimpatieke Departement as hy by wyse van 'n deputasie om verbetering gevra het.

Met die morele en geldelike steun van sy stamgenote in die Suide het die Rhodesiese Opvoedingskommissie Christelik-Nasionale skole in Gazaland, Manikaland en Masjonaland geopen waar, trots 'n tekort aan fondse, die stryd byna tien jaar lank volgehou is totdat ein-

delik in 1922 gekapituleer moes word, nadat die Onderwysdepartement erken het dat die moedertaal in die aanvangstadium gebruik moes word, Afrikaans 'n plek in die skoolleerplan sou kry en godsdiensonderwys behoorlik gedoseer sou word.

Die stryd van die C.N.O.-beweging in Rhodesië is 'n aanskouingsles van moed, deursettingsvermoë en oortuiging by die Afrikaner en by sy kerk om die volks- en kerkeie te bewaar teenoor die Engelse imperiale strewe om die Afrikaner te absorbeer en die Calvinistiese kerk te „veranglikaans." Omdat die Afrikaner en sy Kerk behoue uit daardie stryd gekom het, kon verdere pogings om in die onderwys reg te laat geskied aan die Afrikaanse kind met baie groter vasberadenheid aangepak word.